
HOOFSTUK 5

Een redundant betoog is een betoog waarin dezelfde informatie op meer dan een plaats (soms in verschillende bewoordingen) verwoord is, zodat de lezer of luisteraar de informatie op verschillende momenten kan oppikken.

Janssen (1989)

AFDELING A

TEKSTUELE BINDING

AFDELING B

TEKSANALISE

AFDELING A

	Bladsy
5.1 INLEIDING	352
5.2 DISKOERSREËLS	353
5.2.1 Gespreksreël 1	353
5.2.2 Gespreksreël 2	355
5.2.3 Gespreksreël 3	355
5.3 RELEVANSIE EN INFORMATIWITEIT	356
5.4 REDES VIR SEMANTIESE HERHALING IN DISKOERS	360
5.5 FUNKSIES VAN SEMANTIESE HERHALING IN DISKOERS	364
5.6 TEKSTUELE BINDING	366
5.6.1 Inleiding	366
5.6.2 Binding en samehang in diskoers	367
5.6.3 Tekstuele meganismes	368
5.6.3.1 Tematiese samehang	368
5.6.3.2 Leksikale binding	370
5.6.3.2.1 Vormlik identieke herhaling	370
5.6.3.2.2 Gedeeltelike herhaling	371
5.6.3.2.3 Parallelisme	372
5.6.3.3 Anaforiek	375
5.6.3.3.1 Algemeen	375
5.6.3.3.2 Nie-naamwoordelike anaforiek	380
5.6.3.3.3 Vervanging	381
5.6.3.3.4 Ellips	382
5.6.3.4 Neweskikking en konjunksie	382
5.6.3.5 Eenheids-/metataalmerkers	383
5.7 HERSTELSTRATEGIEË	385
5.8 SAMEVATTING	387

5.1 INLEIDING

Met die reeds verkreeë inligting oor semantiese herhaling word die volgende stelling gemaak: *Semantiese herhaling is 'n algemene, bekende manier waarop tekstuele eenheid binne diskoers versterk word en dit word aangetref op fonologiese, morfologiese en sintaktiese vlak.* Dit is die doel van hierdie hoofstuk om na te gaan in watter mate en op watter manier semantiese herhaling hieraan voldoen/gestalte gee. Daar is bepaalde diskoersreëls en -beginsels wat op semantiese herhaling betrekking het. Hierdie reëls is reeds in hoofstuk 2 behandel, maar word in hierdie hoofstuk toegepas op stukke diskoers (hetsy spreek- of skryfvlak (waarby stylfigure inbegrepe is)). Hierdie reëls word gerig deur veral twee belangrike beginsels wat in taal geld, naamlik die ekonomie- en relevansiebeginsel. Die invloed wat hierdie beginsels uitoefen op semantiese herhaling word aangetoon.

Semantiese herhaling wat te doen het met kontekstuele oorvleueling, manifesteer op dieselfde manier in die teks as op stuk- en sinsvlak. Betekenisrelasies soos sinonimie (volkome en gedeeltelik), hiponimie en polisemie figureer ook op diskoersvlak. In die loop van die bespreking word daar aan die hand van gepaste voorbeelde aangetoon hoe onder andere van hierdie relasies bydra tot tekssamehang. Semantiese herhaling kom veral op leksikale vlak voor onder meer in die vorm van sinonieme, en as semanties en vormlik identieke herhaling.

Die rol wat semantiese herhaling in diskoers speel, word hoofsaaklik met behulp van diskoersanalise geïllustreer. Zellig Harris (1963) het die term discourse analysis gemunt en die volgende definisie daarvan geformuleer:

"Discourse analysis is a method of seeking in any connected discrete linear material, whether language or language-like, which contains more than one elementary sentence, some global structure characterising the whole discourse (the linear material), or large sections of it." (Chapman, 1973: 101)

Daar word uitgegaan van die standpunte van De Beaugrande en Dressler (1981) asook dié van Brown en Yule (1986) waarin aandag gegee word aan die rol wat semantiese herhaling speel veral ten opsigte van binding en samehang binne 'n teks. Die besondere invloed wat semantiese herhaling het op die binding en samehang binne 'n geskrewe stuk, word ook aangetoon in 'n teksanalise van 'n vertelling: **'n Poort deur die koue** (Spies, 1987).

Semantiese herhaling kom in oormaat voor in spreektaal (Wybenga, 1988: 28; Brown en Yule, 1986: 16), en in 'n heelwat mindere mate in skryftaal. Daar word wel in hierdie hoofstuk gewys op die verskillende kenmerkende eienskappe van die twee kommunikasiemediums en onder watter omstandighede semantiese herhaling in elkeen voorkom. Semantiese herhaling word in die teks/diskoers gemanifesteer in bepaalde stylfigure wat nie beperk is tot een genre, naamlik die literêre (in die besonder die poëtiese teks) nie. Die soorte SH-patrone wat as stylfigure benoem word, is dus nie beperk tot toepassing in literêre tekste nie. Hierdie SH-verskynsels kom in die eerste plek in algemene taalgebruik voor, waarna dit in die skryftaal bevestig word.

Die diskoersreëls waarop semantiese herhaling betrekking het, word eers uiteengesit, alvorens

daar oorgegaan word tot die 'n bespreking van tekstuele binding.

5.2 DISKOERSREËLS

Teenoor Grice (Fowler, 1986: 106) se ideale spreker wat by al die gespreksreëls hou, staan die gewone/eintlike spreker wat voortdurend bewus of onbewus semantiese herhalend is in sy kommunikasie. Daar is van die gespreksreëls deur Grice opgestel, wat relevant is ten opsigte van semantiese herhaling (vergelyk die uiteensetting daarvan). Leech (1983) gee ook 'n uiteensetting ten opsigte van interpersoonlike en tekstuele retoriek. In sy model is die **koöperatiewe beginsel** (waaronder semantiese relasieëls), die **helderheidsbeginsel** (waardeur semantiese vaagheid en meerduidigheid opgehef word) en die **ekonomiebeginsel** belangrik. Ten opsigte van daardie aspekte waar semantiese herhaling ter sprake is, word Sperber en Wilson (1986) se **relevansieteorie** (wat in sekere opsigte aansluit by die modelle van Grice en Leech) ook in verband gebring.

Die volgende drie hoofgespreksreëls van Grice dien as basis waarvolgens semantiese herhaling in diskoers ondersoek word:

Gespreksreël 1

Wees so informatief moontlik maar nie te informatief nie
(vergelyk Leech se *Economy Principle*)

Gespreksreël 2

Wees relevant
(vergelyk Leech se *maxim of relation* en Sperber en Wilson se *relevansieteorie*)

Gespreksreël 3

Formuleer helder/duidelik
 sonder woordomhaal
Verm dubbelsinnigheid (meerduidigheid)
 onduidelikheid (vaagheid)
(vergelyk Leech se *Clarity Principle*)

Aandag word vervolgens gegee aan die onderskeie gespreksreëls en die rol van semantiese herhaling daarin.

5.2.1 Gespreksreël 1

Semantiese herhaling is 'n baie algemene en kragtige universele taalgebruiksmeganisme waarmee die ekonomiebeginsel wat in taal geld, hetsy onbewus of doelbewus deur die spreker oortree word. Kortliks gestel, lê die ekonomiebeginsel 'n beperking op die gebruik van sinonieme woorde/konstruksies ter wille van besparing van onder andere uitingtyd en fisiese uitset (vergelyk die lengtebeperking op vormlik identieke elemente as duplikasie, dalk triplikasie en baie selde kwadruplikasie). Bepaalde kognitiewe beperkings lei ook tot ekonomie (vergelyk Prideaux, 1991). Semantiese herhaling kom neer op 'n oortreding van

hierdie beginsel, asook van die beginsel van relevansie. 'n SH-konstruksie is 'n semantiese volvorm waarmee die gebruik van ekonomie soos soos wat dit voorkom in anaforiek, ellips en vervanging, op sinsvlak opgehef word. Wat hier ook ter sprake is, is die feit dat die oortredeing van die beginsels van ekonomie en relevansie lei tot 'n interprelasie van nieherhaling, dit wil sê 'n interprelasie van byvoorbeeld die affektiewe gebruik van die herhalingskonstruksie.

Die vorming van SH-konstruksies lei tot 'n botsing met sekere van die gespreksvoorwaardes wat ten opsigte van ekonomie in diskoers geld. Daar word twee SH-kategorieë onderskei, naamlik: (1) die groep uitdrukkings waarvan die betrokke elemente neerkom op semantiese herhaling wat nieraedundant en dus nieweglaatbaar is, en (2) die groep uitdrukkings waarvan die betrokke elemente neerkom op semantiese herhaling wat redundant en dus weglaatbaar is.

Die twee outeurs wat nou aangehaal word, noem die belangrikheid van die ekonomiebeginsel; die volgende bewering sluit ook aan by die tradisionele siening dat semantiese herhaling oor die algemeen SHR is: "Speakers do not tolerate synonyms in language. This principle applies to words, affixes, grammatical functions, and even constructions" (Clark, 1990: 413). Presies dít wat Clark hier beweer en impliseer, word ten opsigte van baie voorbeelde weerlê in die onderhawige studie. Die bepaling van die waarde, aard en voorkoms van sinonimie is in hierdie navorsing van die uiterste belang.

Lyons (1969: 450) sluit aan by Clark se bewering dat die sprekers semantiese herhaling oor die algemeen vermy; vergelyk: "Many people deliberately refrain from using the same word more than once in the same utterance, if they can avoid it".

Ten spyte daarvan dat sprekers weet dat die ekonomiebeginsel (wat 'n beperking lê op die gebruik van sinonieme woorde/konstruksies) toegepas moet word, word hierdie beginsel doelbewus/gemotiveerd oortree met die gebruik van semantiese herhaling. Anaforiese inligting asook ellipskonstruksies, en vervanging van identieke stukke word teengewerk deur die gebruik van SH-inligting. Semantiese herhaling is in heelwat gevalle onaanvaarbaar, omdat dit om een of ander rede indruis teen die beginsel van ekonomie in taal: "twee of meer woorde met presies dieselfde konnotasie is 'n luukse waarteen 'n taal hom verset" (De Klerk, 1979: 103).

Die spreker 'oortree' die ekonomiebeginsel wanneer hy onder andere gebruik maak van

- * sinonieme inligting
- * verklaring deur parafrase, definisie en presisering.

Die ekonomiebeginsel word verontagsaam ter wille van suksesvolle oordrag van die boodskapinhoud. Op diskoersvlak is daar talle faktore wat die spreker beïnvloed om semanties herhalend te wees. Die spreker kommunikeer met die (hoof)doel om sy boodskap suksesvol oor te dra. Die soort aanslag wat geskik is vir oordrag word bepaal deur en aangepas by die hoorder/gehoor. Omdat die spreker oordragsukses wil behaal, bepaal die aard van die gehoor dus in 'n groot mate die inhoud en aard van die boodskap (formeel of informeel, luisteraarsvriendelik of afstandhoudend, ens.).

5.2.2 Gespreksreël 2

Wees relevant

Sperber en Wilson (1986: 220) verwys binne hul relevansiemodel na die rol van semantiese herhaling, en beweer: "... the task of the hearer faced with these utterances is to reconcile the fact that a certain expression has been repeated with the assumption that optimal relevance has been aimed at. Clearly, the extra linguistic processing effort incurred by the repetition must be outweighed by some increase in contextual effects triggered by the repetition" en verder "In each of these cases the repetition modifies the propositional form and hence the explicatures of the utterance, and achieves extra contextual effects thereby"¹.

Semantiese herhaling is derhalwe 'n oorreaksie/ooraanbod ten opsigte van 'n bepaalde stuk inligting.

(Vergelyk 5.3: relevansie en informatiwiteit)

5.2.3 Gespreksreël 3

Formuleer helder/duidelik, logies-geordend en sonder woordomhaal

Vermý dubbelsinnigheid (meerdereuidigheid) en ondeuidelikheid (vaagheid)

Hierdie gespreksreël impliseer, en stem ooreen met, die beskouing van die tradisionele grammatici ten opsigte van die stilistiese aanvaarbaarheid al dan nie van semantiese herhaling. Uit die navorsing het dit geblyk dat daar meer gevalle is van neredundante semantiese herhaling as wat daar gevalle van redundante semantiese herhaling is. Met die gebruik van SH-woordelemente en -konstruksies verbreek semantiese herhaling as sodanig nie hierdie gespreksreël nie, maar brei eerder op die volgende vereistes uit:

* Formuleer helder/duidelik en sonder woordomhaal

Deur die gebruik van semantiese herhaling word gepoog om helderder en duideliker te formuleer as wat nodig is (die redes hiervoor is reeds genoem). Die spreker maak letterlik DUBBELD seker dat sy gehoor 'n onbelemmerde boodskap ontvang. Semantiese herhaling kom dus daarop neer dat die spreker probeer om te/baie helder, te/baie duidelik te formuleer.

* Vermý dubbelsinnigheid (semantiese meerdereuidigheid) ondeuidelikheid (semantiese vaagheid)

Met behulp van SH-elemente en/of -konstruksies word semantiese meerdereuidigheid en vaagheid verminder en/of opgehef. Indien SHR wel voorkom, verg dit (slegs) herformulering om 'n foutkonstruksie te omvorm tot 'n stilisties aanvaarbare uiting. SHNR is 'n semanties aanvaarbare ooraanbod van inligting; SHR daarenteen is 'n semanties onaanvaarbare ooraanbod van inligting wat deur herformulering verkort kan word tot 'n

¹ My onderstreping

konstruksie sonder redundante semantiese elemente.

In die studie oor semantiese herhaling is die kwessie van semantiese vaagheid belangrik. Semantiese vaagheid is een van die oorsake van presisering, en in sommige gevalle skynbare oorspresisering van semantiese inligting. Swanepoel (1991: 263) skryf: "Die term vaagheid verwys in hierdie verband na die verskynsel dat die betekenis van 'n woord ongespesifiseerd kan wees ten opsigte van sekere toepassings/ekstensies daarvan, dit wil sê nie as wesentlike deel van die betekenis daarvan 'n onderskeid maak tussen sekere waardes daarvan nie".

Semantiese herhaling is spreker-georiënteerd. Die spreker, X, is voortdurend besig om keuses namens sy gehoor/luisteraar(s) Y, te maak ten opsigte van dit wat hy X, veronderstel hy/hulle Y weet/nie weet nie. Dit wat X dus veronderstel, vind neerslag in dit wat X oordra aan Y en die manier waarop hierdie oordrag plaasvind.

Soms is die bedoeling van gedagte-oordrag juis om te min te sê en om sodoende inligting doeltreffend te weerhou van die hoorder; hierdeur word dit aan die hoorder oorgelaat om self te oordeel wat die uiting impliseer. Te min inligting kan egter daartoe lei dat die hoorder foutiewe afleidings maak met die skraap kennis tot sy beskikking.

Afhangend van die hoorder se kennis oor 'n bepaalde onderwerp, kan gegewe inligting nodig of redundant wees. So kan weerhoude inligting inligting wees waarvoor die hoorder reeds beskik, en dan is dit in orde; of die betrokke inligting ontbreek in die hoorder se ervaringsveld en sonder daardie inligting kan hy nie die gesprek volg of sy eie afleidings maak nie.

5.3 RELEVANSIE EN INFORMATIWITEIT

Op 'n gegewe tydstop bestaan die kognitiewe omgewing van 'n individu uit 'n stel aannames in verband met die wêreld (Sinclair en Winckler, 1991: 14 e.v.). Die individu is op daardie tydstop in staat daartoe om hierdie aannames te konstrueer en hulle te aanvaar as waar of dalk waar. Sinclair en Winckler verwys na Sperber en Wilson (1986: 72) wat beweer dat nuwe inligting relevant is vir 'n persoon indien dit relevant is/blyk te wees vir sy kognitiewe omgewing.

Ten opsigte van semantiese herhaling word weer eens verwys na Sinclair en Winckler (1991) se beskouing van nuwe inligting binne konteks:

"New information is relevant, then, in any context in which it has contextual implications. Of course too, the more contextual implications the new information has, the more relevant it is" (ibid.: 16) ²

"New information is relevant, then, in any context in

² My onderstreping

which it strengthens one or more existing assumptions.
The more assumptions it strengthens, and/or the more it strengthens these assumptions, the more relevant the new information is" (ibid.: 17) ³

Met hierdie kennis oor die relevansie van nuwe inligting, word 'n enkele verteenwoordigende SH-konstruksies getoets daaraan of nuwe inligting wel oorgedra word in die SH-relasie (A + B). Vergelyk in hierdie opsig eerstens die volgende aanname en die inset van nuwe inligting:

[5-1a]

Stelling:

Die man is 'n miljoenêr

Dus:

- (1) As die man 'n *miljoenêr* is, is hy *skatryk*.
- (2) Die man is 'n *miljoenêr*.
- (3) *Daarom* is die man *skatryk*.

Die bestaande aanname soos in (1) waarmee nuwe inligting in interaksie gaan, staan bekend as 'n konteks. Nuwe inligting soos in (2) impliseer inligting soos in (3), kontekstueel. (3) is 'n kontekstuele implikasie van die nuwe inligting vervat in (2).

Geggee dat die man 'n miljoenêr is, impliseer sy miljoenêrskap dat hy skatryk is. Dat die man skatryk is, impliseer nie noodwendig dat hy 'n miljoenêr is nie. Daar bestaan dus 'n eensydige implikasie tussen miljoenêr en skatryk. In die geval van die SH-konstruksie:

[5-1b]

Hy is 'n skatryk miljoenêr

vind die volgende plaas:

- (1) As die man 'n *skatryk miljoenêr* is,
is hy 'n *skatryk miljoenêr*.
- (2) Die man is 'n *skatryk miljoenêr*.
- (3) *Daarom* is die man 'n *skatryk miljoenêr*.

In hierdie en soortgelyke gevalle word geen nuwe inligting toegevoeg tot 'n uiting nie, MAAR die beginsels wat ten opsigte van semantiese herhaling geld, oortree hierdie vereiste vir nuwe inligting ten einde te intensiveer/beklemtoon.

In die volgende en soortgelyke gevalle word egter geen nuwe inligting toegevoeg nie:

[5-1c]

Die *plaaslike boere van die omgewing* vaar goed.
 waar die *plaaslike boere* $\supset$ *boere van die omgewing*

³ My onderstreeping

Die konstruksie wat ontstaan weens kontaminasie, bevat geen nuwe inligting nie, want plaaslike en van die omgewing is sinoniem. Geen intensivering of beklemtoning (wat as motivering vir semantiese herhaling kon geld) in hier ter sake nie.

Vanweë watter rede (stilisties, emotief, ens.) ook al verloor element A met verloop van tyd van sy seggingskrag; daar word derhalwe gesoek na 'n duideliker/nuwe manier van segging. Element B word vervolgens bygevoeg ter wille van semantiese klem. Deur die herhaling van die inligting word daar voldoen aan 'n bepaalde semantiese behoefte by die spreker.

Die aanbied van ou en nuwe inligting gee aanleiding tot 'n kettingreaksie: veral in gesproke taal waar leestekens, ens. nie as leeshulp dien nie maar waar tempo en intonasie/klem wel ingespan word, raak die spreker dikwels doelbewus semanties herhalend, want hy wil graag hê dat sy boodskap volledig oorkom en begryp word. Hierdie semantiese herhaling kan weer lei tot meerduidigheid of tot 'n ooraanbod van inligting. Die spreker probeer hierdie situasie semanties afskaal en skrap van dié vir hom redundante inligting. Dit kan egter gebeur dat die inligting wat agterbly te skrap is en dat die boodskap semanties te skraal daaraan toe is. Ten einde te verhoed dat die boodskap as gevolg hiervan onvolledig of foutief oorgedra word, word semantiese herhaling nou weer ingevoer. So word die hele proses herhaal. In die meeste gesprekke kom hierdie soort ossilasie gereëld voor tussen oor- en onderspresisering.

Op (veral) teksvlak kom semantiese herhaling dikwels voor, juis vanweë die aanbod van ou inligting en die heraanbieding van hierdie identieke inligting. Vergelyk weer eens:

[5-1d]

Sy is na *hierdie hospitaal* oorgeplaas. Haar toestand
het aansienlik verbeter en sy is reeds die volgende
dag *uit die hospitaal* ontslaan.

waar uit die hospitaal ou inligting is wat geskrap behoort te word. Die byvoeging van enige gespesifiseerde inligting, byvoorbeeld algemene in die sinstuk uit die algemene hospitaal, is egter aanvaarbaar, want gespesifiseerde inligting as nuwe inligting is nie redundant nie.

Indien herhaling te dikwels voorkom, verlaag die informatiwiteit egter want daar word geen nuwe inligting bygegee deur hierdie herhaling nie; vergelyk:

[5-1e]

*Dis 'n ver pad en Piet sal moet loop | en dis 'n ver pad en
Piet sal moet loop.*

Hierdie soort volledige herhaling van 'n bepaalde sin is onaanvaarbaar. Die onaanvaarbaarheid lê daarin dat die neweskikker + die hele sin herhaal word. Indien sekere komponente egter deur herhaling uitgelig word, is dit semanties aanvaarbaar; in die betrokke geval word intensiteit bereik:

[5-1f]

- Dis 'n *ver, ver* pad, en Piet sal moet *loop en loop en loop*. 1
 of Dis 'n ver pad en Piet sal moet loop; *ek sê jou*, dis 'n 2
 ver pad en Piet sal moet loop *dat dit klap* 3

- 1: reduplikasie
 2: semantiese vuller
 3: idiomatiese uitdrukking: (intensiteit)

Vergelyk ook die volgende:

[5-1g]

- A: *Dis 'n ver pad en Piet sal moet loop.*
 B: Ja, maar hy wil nie nou al gaan nie.
 C: Ek sê weer: *Dis 'n ver pad en Piet sal moet loop.*

Hier kan C as dreigement of waarskuwing funksioneer. Die algemene punt is egter dat semantiese herhaling van hierdie tipe 'n oortreding van die beginsel van informatiwiteit is maar dié oortreding lei tot 'n gespreksimplikatuur.

In gevalle waar semantiese herhaling voorkom, word informatiwiteit juis tot volle konsekwensie gevoer (De Beaugrande en Dressler, 1981: 139 e.v.). Ten einde dit te verhoed, word tegnieke dikwels aangewend waardeur 'n teks met minimale inhoudsveranderings herhaal word of die inhoud word herhaal in verskillende vorms (vergelyk Afdeling B se teksanalise van 'n **Poort deur die koue** waar spreker B in sy antwoord op die voorafgaande uiting van spreker A slegs klein semantiese wysigings aanbring. Die algemene opposisies van voorkoms/nie-voorkoms en eendersheid/verskil klink dalk onbelangrik, maar spesiale semantiese effek kan bereik word deur 'n herhalingspatroon te verbreek (dit is 'n tegniek wat met groot sukses gebruik word in 'n **Poort deur die koue** waar dit een van die skrywer se wisselingstrategieë is).

Informatiwiteit kan verhoog word indien daar nou en dan afgewyk word van die aanvaarde styl. Indien hierdie verspringingstaktiek egter te dikwels te drasties toegepas word, verwar dit die lesers omdat daar vir hulle geen stabiele agtergrond is waarbinne hulle hierdie verspringing kan hanteer nie.

Hoogs informatiewe elemente kom voor aan die einde van 'n klous en kry klem. Elemente met 'n laer informatiwiteit kom aan die begin van 'n sin voor. Deur pro-vorms word informatiwiteit verhoog en deur ellips word dit verlaag.

Vergelyk die volgende aanhaling uit 'n gedig van C.P. Hoogenhout waarin die opeenstapeling van SH-elemente maksimum semantiese klem bewerk:

[5-1h]

Engels, Engels, alles Engels.
Engels waar jy sien en hoor.
 In ons skole, in ons kerke
 word ons moedertaal vermoor.

Die digter maak ten volle gebruik van semantiese herhaling deur die woord Engels direk langs of baie naby mekaar te plaas in die openingsin. Verder word die voorwerp wat vier maal herhaal word binne twee sinne met 'n totaal van 10 woorde, verskuif van die voorwerpsposisie aan die einde van die sin na die onderwerpsposisie aan die begin van die sin. (Vergelyk Feinauer, 1987: 168 e.v. ten opsigte van uitlooppasing ter wille van verstaanbaarheid).

5.4 REDES VIR SEMANTIESE HERHALING IN DISKOERS

Die volgende is belangrike redes waarom semantiese herhaling toegepas word in diskoers:

*** Vaagheid word opgehef deur die invoer van verdere semantiese inligting**

In Meiring (1985) se navorsing oor semantiese vaagheid word verskillende aspekte bespreek wat belangrik is vir die onderhawige studie van semantiese herhaling.

Vaagheid in taal word gemanifesteer in onder andere ondeursigtigheid, meerduidigheid, onbepaaldheid, algemeenheid, ongepresiseerdheid, semantiese en sintaktiese onvolledigheid, asook uitgebreide, verswakte en meervoudige betekenis. Die gebruik van die vaer term soos byvoorbeeld 'n superordinaat kan egter vervang deur 'n presiserende hiponiem. Meiring beweer: "Die gebruikaspek van taal is die sleutel tot die presiseringsmoontlikhede daarvan omdat presiseerbaarheid en interpretasie twee faktore is wat tot geslaagde kommunikasie lei. Om suksesvol te kan verwys, impliseer dat 'n uiting genoeg inligting moet bevat om geïnterpreteer te kan word. Interpretasie kan op grond van kontekstuele leidrade en kennis van die wêreld deur middel van afleiding geskied. Linguistiese kennis is ook nodig, byvoorbeeld kennis van die ekstensie van 'n woord se betekenis vereis ook kennis van die intensionele betekenis van die konsep waarna 'n woord verwys" (ibid.: 134)

*** Meerduidigheid word opgehef deur die invoer van verdere semantiese inligting**

In die geval

[5-2a]

Die *moer* lê onder die tafel

lê die meerduidigheid in die homonimiese aard van moer. Hierdie meerduidigheid word opgehef deur uit te brei op die semantiese inhoud van die bedoelde homoniem:

Die *koffiemoer* lê onder die tafel.

*** Onvoldoende referenttoesegging word opgehef met die hulp van verdere semantiese inligting**

In die voorbeeld:

[5-2b]

Die *hond* blaf aanmekaar

is daar geen genuspesifieke voornaamwoord as referent om die genusneutraliteit van die s.nw. hond te belig nie. Referenttoesegging vind gevolglik plaas:

[5-2c]

Die *hond* blaf aanmekaar terwyl *hy* met die kinders speel.

Die superordinaat as genusneutrale s.nw. hond word semanties gemerk deur die spesifieke voornaamwoord hy. Indien daar egter semantiese oorspesifisering plaasvind, lei dit tot semantiese redundansie:

Die *hond* blaf aanmekaar terwyl *hy, die hond*, met die kinders speel.

*** Indien semanties onvoldoende inligting verstrek word, word semantiese uitbreiding gedoen**

Die semanties skraal gegewens ten opsigte van tydsaanduiding in:

[5-2d]

Jou horlosie word herstel

word semanties uitgebrei, hoewel tydpresisering nie hoef plaas te vind nie:

Dit sal 'n rukkie duur voordat jou horlosie herstel is.

teenoor

Dit sal ongeveer 'n uur duur voordat jou horlosie herstel is.

asook *Dit sal **amper 'n uur**, so om en by 60 minute duur om jou horlosie te herstel.*

waar amper 'n uur = so om en by 60 minute

Met hierdie soort semantiese herhaling word die inligting met die hulp van sinonieme beklemtoon.

*** Indien kommunikasie kan misluk, tree semantiese herhaling op as noodweer**

Semantiese herhaling kan gebruik word om te repudieer: 'n bepaalde of geïmpliseerde uiting in 'n voorafgaande diskoers word verwerp deur die hoorder. Presies dít wat verwerp word deur die hoorder, word herhaal deur die spreker. Deur herhaling word die inligting beklemtoon:

[5-2e]

Spreker 1 "Ek sê vir jou die man is *Jan Smit*."

Spreker 2 "Ag, dit kan net sowel *Jan Koos* of *Jan Salie* of *Jan Nel* wees."

Spreker 1 "Dis nie *Jan Koos*, of *Jan Salie* of *Jan Nel* nie!

Ek sê mos dis *Jan Smit*."

Indien 'n spreker verhinder word om te sê wat hy wil sê, kan dit aanleiding gee tot die fragmentariese, semantiese herhaling van hierdie uiting:

[5-2f]

Spreker A: Ek wil vir julle vertel van *die opvoering*

Spreker B: Dink jy ons moet more klere gaan koop in Menlyn?

Spreker A: *Die opvoering* was baie goed

Spreker C: Ja, dis 'n goeie plan; as ons in Menlyn is, kan ons sommer ook gaan kos koop.

Spreker A: Ek wil julle vertel van *die goeie opvoering* wat ek gisteraand bygewoon het.

In poging 1 vestig die spreker die topiek in die naamwoord: *die opvoering* wat hy bygewoon het. In poging 2 verstrek hy meer inligting binne en oor die naamwoord, naamlik dat die opvoering *goed* (adjektief) is. In poging 3 rond hy die sin af deur tydbepalend te spesifiseer. Die verwagting sou bestaan by die spreker dat hierdie volle uiting kan lei tot verdere diskoers en die meedeel van inligting wat vir die hoorders nuut sal wees en wat hulle sal interesseer.

Daar moet bereidwilligheid wees by albei partye om aan diskoers deel te neem, anders sal kommunikasie misluk. Vergelyk die volgende konvensionele weieringsprosedure:

[5-2g]

Jammer! Ek het nie nou tyd om te gesels nie; ek is baie besig en ek kan nie nou praat nie. Ek sal later 'n plan maak en jou skakel, hoor.

Die spreker gebruik nie slegs die konvensionele uitings nie, maar deur inligting te herhaal, word die erns van die situasie beklemtoon. Die spreker vermy fonologiese herhaling deur gebruik te maak van die sinonieme *praat* en *gesels*. Die uiting: *Ek sal later so 'n plan maak* verwys terug na *praat/gesels* en verder dat die spreker onderneem om hierdie onderbreking in kommunikasie op 'n geleë tyd te herstel, die sintuk: *en jou skakel* dui aan dat dit 'n telefoongesprek is.

Dit kan ook tydens 'n gespreksituasie gebeur dat 'n onwillige deelnemer/hoorder die gesprek blokkeer en aanvaarding weier deur byvoorbeeld nie samehang/kohesie in die gesprek te herwin of vol te hou nie.

In die volgende gesprek weier die hoorder om die onderwerp te aanvaar; hy saboteer die spreker deur vrae te stel oor pas gegewe inligting. Die funksie van die semantiese herhaling is hier is die volgende: die onderbreking lei tot hervestiging van die topiek (vakansie) en dan is daar ook predisering.

Deurdad die spreker telkens moet antwoord op iets wat hy pas gesê het, word hy ontnem van vordering in sy gesprek. Hy raak gevolglik moedeloos en kwaad, en beëindig dit uiteindelik:

[5-2h]

- X: *Ek wil jou vertel van my fantastiese (2) vakansie (1) by die see (3).*
 Y: *Watter vakansie (1)?*
 X: *Van my vakansie (1) by die see (3), by Hermanus, man - nou Desember. O, dit was fantasties (2). Ons het gaan branderplank ry (4), op die see uitgevaar (5) en vis gevang! (6)*
 Y: *Wat sê jy het julle alles (4, 5, 6) gedoen?*
 X: *Ek sê mos ons het gaan branderplank ry (4), op die see uitgevaar (5) en vis gevang (6).*
 Y: *Hoe nou?*
 X: *Maar kan jy nie luister as ek vir jou iets (1, 2, 3, 4, 5, 6,) vertel nie?!*
 Y: *Wat sê jy nou?*
 X: *Ag, ek loop liever.*

- SH-elemente: (1) onderwerp: vakansie
 (2) adjektief: fantasties
 (3) plekbepaling: see
 (4) WS1: ry branderplank
 (5) WS2: uitvaar op die see
 (6) WS3: vang vis

Die slotsin dui daarop dat X uit die blokkeringsvrae die gespreksimplikatuur maak dat Y nie verder wil luister nie. Daar is baie semantiese herhalingselemente wat gebruik word deur die spreker/verteller in 'n poging om sy gesprek te laat vlot. Deurdad die hoorder onnodige vrae vra oor inligting wat reeds verstrekk is, dwing hy die spreker om die inligting te herhaal. Wanneer die spreker egter die negatiewe bedoeling van die hoorder snap, beëindig hy die gesprek.

Uit die bespreking van hierdie voorbeeld is dit duidelik watter belangrike rol die inhoud van kommunikasie speel met betrekking tot intensionaliteit en aanvaarbaarheid van uitings, en hoe semantiese herhaling 'n bydrae lewer hiertoe. Hervestiging van topiek as 'n breër/algemener diskoerstrategie val hier op.

5.5 FUNKSIES VAN SEMANTIESE HERHALING IN DISKOERS

Die aard van die onderwerp/boodskap is van belang by die aanwending/invoer al dan nie van SH-konstruksies. Indien die gegewens moeilik is vir die gehoor en die maksimum inset word vereis van hul luistervaardigheid, word hulle in ag geneem deur die invoer van SH-inligting in die loop van die betoog.

Die spreker poog om met behulp van SH-konstruksies op 'n hele verskeidenheid maniere luisteraarsvriendelik te wees. Hierdie doelwit word bereik deur byvoorbeeld die aanbied van 'n skema ter inleiding, 'n opsomming ten slotte en sinoniemkonstruksies in die loop van die betoog. Ten opsigte van laasgenoemde word onder andere semantiese belangrike aspekte herhaal:

[5-3a]

Daar was 'n groot klomp mense, ek skat so ongeveer 200.

waar 'n groot klomp meer gespesifiseer word met die toevoeging van die bepaalde telwoord tweehonderd; die gebruik van ongeveer en skat voorkom dat die onbepaaldheid soos gestel deur klomp opgehef word.

Semantiese herhaling vervul ook nog verskeie ander funksies, onder andere die volgende:

Semantiese herhaling verskerp die geheue

In veral reklame word 'n nuwe produk/iets nuuts bekend gestel. Die betrokke voorwerp se naam word in die geheue van die leser/hoorder ingeskerp deur voortdurende herhaling in die loop van die advertensie:

[5-3b]

Gebruik *Show White* vir die witste, witste wasgoed.
Geen ander waspoeier kan met *Show White* meeding
nie. Was die blou uit 'n blou Maandag met
Show White. Koop *Show White* - nou!

Semantiese herhaling is ook belangrik ten opsigte van retoriek

Vergelyk die volgende voorbeeld:

[5-3c]

Wat bly daar *na vertaling oor*? Wat bly daar *na 'n tweederangse vertaling oor*? Wat laat 'n *ongeïnteresseerde, dom, onbekwame vertaler daarvan oorbly*?

Semantiese herhaling vind ook plaas deur opsomming

'n Bepaalde saak of verskynsel word ten aanvang van 'n betoog of geskrewe stuk genoem. Daarna word die besonderhede telkens genoem. Die inhoudsopgawes van hierdie studie dien as voorbeeld.

Semantiese herhaling versterk argumentasie

Die herhaling van 'n bepaalde belangrike aspek, handeling, ens. vestig die aandag daarop; vergelyk:

[5-3d]

Die verwydering van skroot.

Die verwydering van boumateriaal.

Die verwydering van rommel.

teenoor die toepassing van ekonomie deur skrapping:

Die verwydering van

(1) skroot;

(2) boumateriaal, en

(3) rommel.

Die semantiese klem wat gelê is op die NS die verwydering, word in die tweede geval, ná skrapping, eweredig versprei na die ander NSe soos aangebied onder (1), (2) en (3).

Semantiese herhaling lei tot inprenting

Ten einde bepaalde semantiese inprenting te doen, word semantiese herhaling ook baie doeltreffend toegepas. Indien die spreker daaraan twyfel of die hoorder/gehoor die boodskap verstaan, wend hy sekere SH-strategieë aan om te probeer verseker dat die gewenste oordrag geskied. Deur SH-elemente te gebruik, bereik die spreker die volgende doelwitte:

- * Verleen krag aan 'n uiting, versterk dit
- * Verleen intensiteit ('n toename in die aantal SH-elemente)
- * Verhoog intensiteit (daar bestaan egter 'n beperking ten opsigte van die aantal semanties identieke elemente, vormlik identiek of vormlik nie-identiek; weens menslike kognitiewe beperkings is daar 'n lengtebeperking wat SH-konstruksies opgelê word)
- * Verleen semantiese klem
- * Verleen affek

Verder beïndruk die spreker sy gehoor deur die gebruik van woorde van Romaanse herkoms in kombinasie met 'n sinonieme woord van Germaanse herkoms. Daar bestaan 'n groot mate van semantiese verdraagsaamheid in Afrikaans teenoor sodanige leenwoorde as sinonieme.

5.6 TEKSTUELE BINDING

5.6.1 INLEIDING

Die binding van oppervlak-tekste en die onderliggende samehang van tekstuele wêreld is die opvallendste vereiste vir tekstualiteit. Hierdeur word aangetoon hoe die komponent-elemente van die teks bymekaar pas en betekenis inhou. Dit is wel so dat sprekers tekste gebruik wat nie ten volle bindend en samehangend is nie. In die lig hiervan is dit dus nodig dat die houding van die teksgebruikers in ag geneem word wanneer teksvereistes gestel word.

'n Taaluiting moet derhalwe bedoel word as 'n teks en as sodanig aanvaar word ten einde gebruik te kan word in kommunikasie. Hierdie houdings maak voorsiening vir die toleransie van bindings- en samehangstoornisse, net solank kommunikasie volgehou word. Soms is daar ernstige stoornisse in die oppervlak-strukture binne 'n teks, waar die hoorder die uiting moet rekonstrueer om betekenis daaruit te verkry.

Die sintaksis bied die organisatoriese patrone vir die oppervlakteteks. Die gebruik van die term binding bevestig hierdie funksie. Daar word onderskei tussen die frase, die klous en die sin.

Daar is taalgebruiksmiddele waarvolgens reeds gebruikte strukture en patrone hergebruik of gewysig kan word. Hierdie middele het te doen met stabiliteit en ekonomie. Die ekonomiebeginsel werk sterk in op taaluitings, maar indien daar té sterk gebruik gemaak word van hierdie beginsel, lei dit tot moeilike ontleding van 'n teks wat te dig gekonstrueer is. Daar word te veel kennis en interpretasievermoë van die hoorder veronderstel. Aan die ander kant werk redundante inligting weer nadelig in op die bergingsvermoë van die individu. De Beaugrande en Dressler (1986: 90) verwys na Kintsch (1977a: 290) wat beweer: "this trade-off between economy of storage and economy of search is probably resolved by compromise. Frequently used configurations would be stored as wholes, in spite of the redundancy involved; unusual, seldom required configurations would be assembled via searching out component items only when occasion arises".

In die toepassing van ekonomie lê 'n belangrike verskil tussen spreek- en skryftaal. Oor die algemeen is skryftaal ekonomies. Daar is wel gevalle waar daar doelbewus semanties herhalend geformuleer word ten einde dubbelsinnigheid van semantiese interpretasie, ens. uit te skakel. Weens die kontekstuele feit dat hierdie medium (naamlik skryftaal) permanent is en die teks terugvindbaar, kom semantiese herhaling min voor.

In gesproke taal is ekonomie nie noodsaaklik nie en herhalingskonstruksies is volop. Die kontekstuele feit is dat hierdie medium vlugtig is. Die teks is herhaalbaar maar nie terugvindbaar nie. Omdat die gegewe inligting nie herwinbaar is buiten deur herhaling nie, word semantiese herhaling baie dikwels gebruik ter wille van kennisvaslegging en die tuisbring van 'n boodskap. Die feit dat 'n ma tot vervelens toe vir haar kinders sê:

[5-4]

Ek sê dit nou vir die laaste maal.

Ek sê dit nou nie weer nie.

Ek gaan nou nie weer daaroor praat nie.

onderstreep die noodsaaklikheid (dog byna vergeefsheid?) van SH-strukture onder sodanige omstandighede!

Deur SH-strukture te gebruik, word 'n bepaalde woord-/sinspatroon bewerkstellig. Die heraanwending van bepaalde strukture, sinsnedes en woorde bring bekendheid by die leser; semantiese herhaling lei tot ritme binne 'n teks (vergelyk die teksanalise van **'n Poort deur die koue**).

In korter frases, klouse en sinne word binding in stand gehou deur verbonde elemente. In langer tekste word binding bewerkstellig deur die wysiging en hergebruik van elemente en grammatiese patrone. Dit word bereik deur onder andere herhaling, vervanging en weglating. Oor hierdie middele sê De Beaugrande en Dressler (1981: 54) die volgende: "The long-range devices are thus contributors to efficiency rather than being grammatical obligations (Beaugrande 1980 (a)): they render utilization of the surface text stable and economic".

5.6.2 BINDING EN SAMEHANG IN DISKOERS

Die hoorder soek eenheid in teks, en selfs waar dit nie aanwesig is nie, dwing hy dit af. Wybenga (1987: 34) beweer: "Die hoorder se instelling en nie die teks nie, bepaal dus in 'n hoë mate die samehang daarin. In die teks word verwysing na buite gemaak. Hierdie verwysing skep 'n eenheid in die teks, selfs waar so 'n eenheid nie in die oppervlak of liewer die teks voorkom nie. Die hoorder kan selfs skynbaar onsinnige tekste aanvaar". Wat belangrik is in hierdie afdeling is die perspektief oor binding vanuit die teks, dit wil sê die elemente in die teks wat binding skep.

Samehang berus op die samehang wat deur taalelemente tussen die verskillende gedeeltes in die teks bestaan. Weer eens is dit die hoorder se inset wat tekseenheid bewerkstellig. Die geskrewe stuk het 'n bepaalde invloed op die leser. Die skrywer het dus 'n besondere verantwoordelikheid ten opsigte van sy diskoers-/tekstaanbieding; vergelyk Hubbard (1989: 28) in hierdie opsig: "The writer produces the text, but if his text is to succeed as a communicative act, he has to be alert to the pragmatic context in which he is writing, continuously placing himself in the position of his intended reader, who is concerned with coherence making as an act of comprehension." In hierdie opsig word verwys na die teksanalise in Afdeling B waarin die skrywer 'n baie hegte samehang bewerkstellig deur die talle SH-verbande wat in die loop van die verhaal **'n Poort deur die koue**, gelê word. Die SH-impak van die verhaal spreek op so 'n manier tot die leser dat laasgenoemde bewus raak van die hegte tekseenheid en semantiese kompaktheid.

Binding is een van die belangrikste faktore wat die eenheid in 'n teks bewerkstellig. Binding word verder beskryf as daardie proses wat plaasvind as een element in die teks deur 'n ander element in 'n teks vertolk moet word (Wybenga, 1988: 37).

De Beaugrande en Dressler (1981: 3) beweer binding/kohesie "concerns the ways in which the components of the SURFACE TEXT i.e. the actual words we hear and see are mutually connected within a sequence" en verder "All of the functions which can be used to signal relations among surface elements are included under our notion of COHESION".

Dubbelsinnighede is moontlik op die oppervlak, maar die hoorder is in staat daartoe om die meeste dubbelsinnighede uit te skakel of op te los. Die oppervlakte gee egter nie op sigself die deurslag tot interpretasie nie; daar moet interaksie bestaan tussen binding en die ander vereistes van tekstualiteit ten einde kommunikasie te laat slaag.

De Beaugrande en Dressler (1981: 84) beskryf sinvolheid binne diskoers of 'n teks soos volg: "A text 'makes sense' because there is a CONTINUITY OF SENSES among the knowledge activated by the expressions of the text" en verder: "We could define this continuity of senses as the foundation of COHERENCE, being the mutual access and relevance within a configuration of CONCEPTS and RELATIONS".⁴

Die konfigurasie onderliggend aan 'n teks is die tekstuele wêreld wat óf ooreenkom óf nie, met die werklike wêreld waar laasgenoemde verwys na die mens se plek binne 'n samelewing of sosiale groep. In die begrip van die tekstuele wêreld speel die deelnemer se vermoë tot interpretasie van die wêreld om hom 'n baie belangrike rol: "..... part of our knowledge of the world includes knowledge of patterns of discourse, or formal schemata, and so it is presumably easier to store and retrieve material that is presented to us following the more structured patterns than the less structured ones" (Hubbard, 1989: 47).

Sistematisering van tekstuele inligting vind voortdurend plaas: "The building of textual worlds is a documented routine activity in human communication" (De Beaugrande en Dressler, 1986: 87). Die betekenisvolheid van taal in 'n teks is 'n spesiale geval van verwerwing, berging, en die gebruik van kennis op alle vlakke van menslike aktiwiteit. Wêreldkennis en persoonlike kennis word aangewend in die interpretasie van tekste.

5.6.3 TEKSTUELE MEGANISMES

5.6.3.1 Tematiese samehang

Die onderwerp of tema van die diskoers vloei logies voort uit die diskoerssituasie. Die onderwerp word op verskeie maniere uit die situasie in die diskoers ingevoer.

In 'n gespreksituasie word 'n bepaalde onderwerp van bespreking as behoefte deur die gespreksgenote geïdentifiseer en daarvoor word gedagtes gewissel. In die loop van 'n gesprek word dikwels nieverbandhoudende gegewens verstrek wat heel moontlik nie direk te doen het met die betrokke onderwerp nie. Indien die tema egter ten regte ontgin word, word die inligting moontlik meer dikwels herhaal ten einde die gegewens semanties vas te lê, aangesien die medium nieherwinbaar is. Daar word ook makliker oorgeskakel van een onderwerp na 'n ander binne 'n gespreksituasie.

Hubbard (1989: 56) verwys na die term "topic" wat onder meer beskryf word as onderwerp van gesprekseenhede soos die clause of sin. Hy verwys na die funksionele benadering waarin die sin in twee dele verdeel word: "one, the topic or theme, represents what the sentence


⁴ Hierdie aspekte stem ooreen met Brooks en Warren (1960: 527) ten opsigte van poëtiese taalgebruik: "It (the development of a poem*) is a process in which one thing leads to another, then to a whole, and the whole leads back to single things. It is an infinitely complicated process of establishing interrelations". (*my invoeging)

is about, or its point of departure, and the other, the comment or rheme, represents what is said about the topic or theme. Generally, the topic or theme constitutes given information while the comment or rheme constitutes new information". (Vergelyk hoofstuk 2 vir 'n verdere bespreking van ou en nuwe inligting.)

Tekssamehang word in 'n baie groot mate gerig deur tematiese progressie. Semantiese herhaling speel 'n kardinale rol in tematiese progressie. Ten opsigte van tematiese progressie, is veral twee soorte progressie van belang ten opsigte van semantiese herhaling:

Die gewone liniêre tematiese progressie verwys na diskoers waar die rema (reaksie, nuwe inligting) van een sin dien as die tema (tema, gegewe/ou inligting) van die volgende sin. Vergelyk ten opsigte hiervan die volgende voorstelling:

[5-5a]



Die tweede geval waar semantiese herhaling van kardinale belang is, is die konstante temaprogressie wanneer dieselfde tema in 'n reeks sinne voorkom; vergelyk:

[5-5b]

Tema 1 — Rema 1
 Tema 1 — Rema 2
 Tema 1 — Rema 3, ens.

Vergelyk die volgende voorbeeld ter illustrasie:

[5-5c]

Spreker A: Ek is nou so dors gespook, Bets. Maak tog vir ons 'n bietjie *tee*.

Spreker B: *Tee?*

Spreker A: Ja, *tee* asseblief. 'n Koppie sterk *tee* sal nou heerlik smaak. Niks is mos so heilsaam soos *tee* tydens 'n krisis nie.

Deur hierdie soort semantiese herhaling word dikwels 'n klimaks bereik.

In 'n geskrewe teks word die inhoud gerig deur 'n bepaalde tema. Daar word telkens terugverwys na die onderwerp, en in die loop van die teks vind semantiese herhaling dus plaas. In die terugverwysing na en herhaling van die tema word tekstuele binding en

samehang van die teks bewerkstellig. Aspekte soos sinsafsluiting, paragraafindeling (wat Wybenga, 1988: 29 **agtergrond** noem), ens. dra by tot die bepaalde ordening onder 'n bepaalde tema. In die teksanalise in Afdeling B van 'n *Poort deur die koue* word die onderwerp tema toeliggend bespreek.

Vergelyk in hierdie opsig ook die volgende kinderversie as raaisel (die kind moet luister hierna en dan raai van watter deel van sy lyfie gepraat word):

[5-5d]

Trippe, trappe, *trap patroontjies*
dans 'n pad so deur die boontjies

Laat *twee spoortjies* in die sand
hardloop gou, die teerpad brand

Vyf *klein mieliepitte* maal met twee
help jou *om groot tree te gee*
in die vlak water van die groenblou see.
Liebenberg (SAUK, 1992)

Hier word nie voldoen aan die gewone bindingsvereiste deur die tema eksplisiet te stel en daarna daarop voort te bou nie. Die tema word implisiet gesuggereer deur woord- en beeldgebruik, deur handeling (voeteling?), ens. Die tema word wel deeglik ontgin en temabinding word bereik - hoewel met 'n verskil in aanbieding.

5.6.3.2. Leksikale binding

5.6.3.2.1 **Vormlik identieke herhaling**

Herhaling van semanties identieke elemente kom algemeen voor. Hierdie uitdrukkings kan afsonderlike leksikale items, sinstukke of hele klouse wees wat 'n meerdere of mindere mate van semantiese en vormlike identiekheid vertoon.

Vergelyk die volgende monoloog:

[5-6a]

I, wat ek van Colesberg weggaan, toe't î, toe't ek
'n job oppie spoorweg gekry daarso by, in in in Noupoot.
Toe't ek op die Spoorweg gewerk, î, 'n job gekry in
Noupoot, toe kry ons 'n transfer daarvandaan af tot
hie innie Kaap"

(Willie Schwartz, los werker, Colesberg)
(F.A. Ponelis: bandtranskripsie)

Die SH-elemente in voorgaande paragraaf kan soos volg uiteengesit word:

Sin 1

Plek

Toe't ek 'n job op die Spoorweg gekry	in in in Noupoort
Toe't ek op die Spoorweg gewerk	'n job gekry in Noupoort

Sin 2

waar	'n job kry op die Spoorweg
sinoniem is aan	op die Spoorweg gewerk
en aan	'n job gekry (in Noupoort)

Indien onder andere meer tyd om te formuleer beskikbaar is, word herhaling beter beheer, dit wil sê daar kom minder gevalle voor van semantiese herhaling, en by implikasie van redundante semantiese herhaling.

In gevalle waar semantiese herhaling op spesifieke, belangrike inligting gerig is, is dit uiters funksioneel; die geheelkonstruksie word herhaal sodat die leser byvoorbeeld in 'n krisissituasie geen semantiese verwarring behoort te ondervind nie:

[5-6b]

Noodsaaklike dienste
(Slegs telefoondienste)

Aandag word slegs aan die herstel van noodsaaklike dienste soos die van ambulanse, dokters, hospitale, ens. geskenk. Wanneer u 'n noodsaaklike diens aanmeld wat buite werking is, moet u asseblief die aard van die noodsaaklike diens meld.

Na ure moet noodsaaklike dienste wat buite werking is, aangemeld word by 323-9160

(uit: 1990-telefoongids vir Pretoria)

5.6.3.2.2 Gedeeltelike herhaling

De Beaugrande en Dressler (1986) beskryf gedeeltelike herhaling as die hergebruik van dieselfde basiese woordkomponente, hoewel in verskillende sintaktiese kategorieë. Op hierdie manier word 'n reeds geaktiveerde konsep hergebruik in 'n verskeidenheid omgewings; morfologiese ontginning vind onder andere plaas; vergelyk die volgende morfologiese herhaling:

[5-7a]

Die staatsman *lei* sy volk. Hy is 'n gebore *leier*.
 Sy mense maak staat op sy bekwame *leiding* en
 nugtere oordeel.

met die volgende semantiese verbande:

lei as werkwoord
lei- as stamkomponent
lei + er
 en lei(d) + ing as selfstandige naamwoorde (afleidings)

Hierdie soort semantiese herhaling staan in poëtiese taalgebruik bekend as die stylfiguur palilogie wat verwys na die herhaling van dieselfde woord of sinsnede ter wille van nadruk (Wybenga, 1988: 132). Die volgende gedeelte van N.P. van Wyk Louw se Groot ode word deur Wybenga as voorbeeld gegee:

[5-7b]

Stiller, stiller gaan dit word
- elke stilte is al goed -
stil: om nie te luister nie;
stil en onbeluister soet.

In hierdie aanhaling vir die volgende morfologiese ontginning plaas: die adjektief word by herhaling gebruik. Ten eerste word die vergrotende trap aangewend ter wille van semantiese klem:

stiller, stiller: stil(l) + er (2x)

Dan word die selfstandige naamwoord stilte gebruik, gevolg deur die tweede stel van dieselfde adjektief, maar hierdie keer in die stellende trap en nie direk langs mekaar nie maar geskei deur 'n sintuk. Deur hierdie SH-gebruik van die verskillende morfeemvlakke word intensiteit bereik:

'stellend'		'vergrotend'		'oortreffend'
Stiller, stiller	>	stilte	>	stil ... stil

Hier word die trappe van vergelyking in der waarheid semanties morfologies omgekeer, en dit lei tot teenstrydigheid met die normale patroon. Die adjektief stil word morfologies juis uniek ontgin.

5.6.3.2.3 Parallelisme

Parallelisme verwys na die herhaling van dieselfde oppervlak-konstruksies, maar met die vervanging daarvan met ander uitdrukkings ter wille van intensiteit. In die volgende geval word lede van een paradigma gewissel, terwyl die ander paradigmas identieke lede het:

[5-8a]

*Sy ou vrou is dood. Sy ou jagmaats is dood.
Sy ou krygsmakkers is dood en weg.*

(Krige, 1967: 73)

Vergelyk die volgende ontleding waaruit die semantiese herhaling in die konstruksies blyk:

*Sy ou vrou is dood.
Sy ou jagmaats is dood.
Sy ou krygsmakkers is dood / en weg.*

In die laaste reël is daar implikatiewe semantiese herhaling aanwesig, aangesien dood reeds daarop dui dat die mense weg is.

Later in die verhaal word sinonieme inligting weergegee:

[5-8b]

Sy ou vrou is dood en sy maters is dood en weg.

Die twee gespesialiseerde s.nwe. jagmaats en krygmaats word nou vervang deur die superordinaat maters wat albei-insluitend is.

En ten slotte in die oomblikke voor sy dood:

[5-8c]

*Hy sien homself met sy ou maats, ou Koos en ou Flip
en baie ander, en hulle veg weer*

waar hier terugverwys en gespesifiseer word in verband met krygmaats. Deur die herhaling van die adjektief ou word die aandag gevestig op die woord. Die betekenis kring egter wyd uit en kan na ware ouderdom verwys, of na toegeneëtheid deur Oom Karel (vgl. Botha, 1986 in verband met ou).

Die volgende is ook voorbeelde van 'n struktuur wat herhaal word maar wat terselfdertyd met nuwe elemente vervang word:

[5-8d]

*Ek het 'n boek gekoop. Ek het 'n potlood gekoop.
Ek het 'n uitveër gekoop. En toe is my geld op.*

waar die NSe 'n boek, 'n potlood en 'n uitveër as lede van dieselfde paradigma verskil, terwyl die res van die konstruksie dieselfde bly; elkeen van hierdie items is apart gekoop.

Vergelyk ook die volgende:


[5-8e]

*Ek het die boek gesien. Ek het die boek begeer.
Ek het die boek gekoop.*

waar die werkwoorde in die werkwoordparadigma verskil, terwyl die res van die konstruksie dieselfde bly (vergelyk 5.6.3.3.4, ellips).

As stylfiguur berus parallelisme op 'n opeenhopende herhaling van soortgelyke of teenstellende sake om intensiteit uit te druk. Hierdie stylfiguur is produktief ingespan deur die meeste psalmdigters, maar word nog algemeen gebruik deur skrywers vandag (Wybenga, 1988: 132).

In Gräbe (1984: 234) word Jakobson se beskouing van parallelisme soos volg voorgestel:




Hierdie kenmerke van parallelisme word gevind in Psalm 150:

[5-8f]

1 HALLELUJA! Loof God in sy heiligdom, loof Hom in sy sterk uitspansel!	}	plek
2 Loof Hom oor sy magtige dade, loof Hom na die volheid van sy grootheid!		
3 Loof Hom met basuingeklank, loof Hom met harp en siter;	}	wyse
4 loof Hom met tamboeryn en koordans, loof Hom met snarespel en fluit;		
5 loof Hom met helder simbale, loof Hom met klinkende simbale!		
6 Laat alles wat asem het, die HERE loof! Halleluja!		

In hierdie psalm word teksbinding ten volle bereik deur semantiese herhaling. In die lofsang tot God word hierdie boodskap in elke opsig deurgevoer deur semantiese herhaling: implisiet in die woord halleluja, eksplisiet in die WS loof die Here/God/Hom.

Halleluja beteken "loof die Heer". Vergelyk die identieke sintaktiese konstruksie wat in elke versreël behalwe die laaste een, voorkom:



Semantiese herhaling is die kernstrategie van hierdie gedig.

5.6.3.3. Anaforiek

5.6.3.3.1 **Algemeen**

In vroeër TG-studies oor anaforiek is daar aanvaar dat oppervlaktesinne met anafore van dieptestruktuur met volledige vorme van die provorm afgelei is met behulp van reëls van pro-substitusie. Die inperking op hierdie reëls (soos met ellips/skrapping) was een of meerdere (semantiese) voorwaarde van semantiese identiteit. In hierdie benadering word daar dus uitgegaan van 'n relasie van sinonimie tussen antesedent en provorm. Die onderskeid slap x streng identiteit impliseer verskillende grade van sinonimiteit. Vergelyk hier ook die identiteitsvoorwaarde op skrapping (in die geval van nulanafore) wat 'n semantiese voorwaarde van identiekheid/sinonimiteit behels. Dit is in hierdie opsig dat daar in die geval van anaforiek van semantiese herhaling gepraat kan word. Daar is in die oppervlaktestruktuur egter wel 'n verskil tussen sinne met pro-vorme en dié waar antesedente volledig herhaal word. Hier is die verskille stilisties en hulle aanvaarbaarheid al dan nie 'n funksie daarvan of hulle as antesedent-anafoor dan as antesedent-volvorm v. antesedent-SH-konstruksies aangebied word. In hierdie bespreking gaan dit veral om hierdie onderskeid en die wyse waarop die beginsel van ekonomie en informatiwiteit op hierdie twee struktuurtypes inspeel.

Anaforiek (Ponelis 1979, Carstens 1984, 1978 en Botha 1987) is een van die middele wat binding in 'n teks bewerkstellig. In hierdie afdeling word aandag gegee aan pro-vorme, vervanging, ellips, neweskikking en eenheidsmerkers.

Alle bindingsmiddele wat op die taalomgewing slaan, staan bekend as endoforiese middele. Ponelis (1979: 565 e.v.) noem alle endoforiese middele anaforiek. Anaforiek verwys na die verband wat bestaan tussen die antesedent, byvoorbeeld die man en sy anafore hy en sy in die sin:

[5-9a]

Die man is moeg en hy laat sy voete rus

in plaas daarvan om te sê:

[5-9b]

Die man is moeg en die man laat die man se voete rus.

Daar bestaan 'n anaforiese ketting (van verwysing) tussen die antesedent en die anafoor.

Terugwerkende anaforiek (ook bekend as kataforiek) verwys na die semantiese verband tussen 'n antesedent en 'n voorafgaande bindingsmiddel:

[5-9c]

Hy laat sy voete rus, want hy is moeg, die arme man.

Die lede van die anaforiese ketting (die antesedente en hul anafore) is naamwoordstukke.

Anaforiek is dus van toepassing op NSe. Anaforiek is 'n reduksieverskynsel: die antesedente is leksikale NSe terwyl die anafore pro-vorme of gereduseerde NSe is. Deur die aanwending van anaforiek word herhaling en redundansie voorkom (Ponelis, 1979: 565). Vergelyk die volgende sinne waar (1) genoeg inligting en (2) redundante inligting bevat:

[5-9d]

- (1) Annie sak op die naaste stoel neer, so moeg is sy.
- (2) Annie sak op die naaste stoel neer, so moeg is *Annie*. (volvorm)

Die feit dat hier slegs een referent ter sprake is, het tot gevolg dat die semantiese 'volvorm', naamlik die herhaling van die antesedent, redundant is.

In die volgende geval bestaan daar egter 'n moontlikheid tot interpretasieverwarring en as gevolg daarvan word ander anaforiese verwysingsmiddele aangewend:

[5-9e]

(1)

1. Omdat **Anna Botha** twyfel aan die verantwoordelikeidsin
2. Omdat **Anna Botha** twyfel aan die verantwoordelikeidsin

(2)

1. van die jongmeisie versoek **sy** haar twee maal om mev. Nel
2. van die jongmeisie versoek **Anna** haar twee maal om mev. Nel

(3)

1. te vra om terug te skakel. **Sy** gebruik ook twee maal asseblief
2. te vra om terug te skakel. **Anna** gebruik ook twee maal asseblief

(4)

1. waardeur sy haar afhanklikheid van **haar** goedgesindheid
2. waardeur sy haar afhanklikheid van **die meisie se** goedgesindheid

1. beklemtoon. Sy pas haar styl nou aan om suksesvol te
2. beklemtoon. Sy pas haar styl nou aan om suksesvol te

(5)

(6)

(7)

1. kommunikeer met **haar** op **haar** vlak; **sy** raak
2. kommunikeer met **Bets Nel** op **dié se** vlak; **Anna** raak

1. doelbewus semanties redundant ten einde deur herhaling te
2. doelbewus semanties redundant ten einde deur herhaling te

1. beklemtoon.
2. beklemtoon.

In plaas daarvan om slegs een maal die referente as antesedente te noem en daarna deurgaans die anaforiese ketting te gebruik om te verwys, word die volgende SH-elemente gebruik ten opsigte van die onderskeie referente:

Anna Botha: **Anna Botha (1), Anna (2), (3), (7)**

In die geval van Anna Botha word die eienaam, asook die genoemde twee voornaamwoorde by herhaling gebruik.

Bets Nel: **Bets Nel (5), die meisie se (4)
dié se (6)**

In die geval van Bets Nel kom 'n verskeidenheid NSe voor om na hierdie referent te verwys. Die eienaam word gebruik, twee NSe met die leksikale item meisie (o.a. -meisie as stam = morfeem) word gebruik, twee genitiefkonstruksies word gebruik, een met die NS die meisie, en een met die anafoor die; die voornaamwoord haar word ook gebruik.

Daar is twee aktiewe referente ter sprake in hierdie paragraaf. Onder gewone/normale omstandighede, byvoorbeeld waar net een referent ter sprake is, bestaan daar nie so 'n interpretasieprobleem nie. In hierdie geval waar albei antesedente ook nog [+vroulik] gemerk is, ontstaan daar verwarring na watter referent 'n anafoor terugverwys. Daar word derhalwe eksplisiete SH-antesedentinligting toegevoeg sodat die terugverwysing vanaf die

anafore na die referente nie problematies is nie.⁵

In die volgende paragraaf vind daar juis semantiese herhaling plaas en daarom is die skakels in die anaforiese ketting soveel minder:

[5-9f]

*Nee, die bruinkinders speel saam met die witkinders.
 Ons speel heeldag saam met die witkinders en die witkind,
 die witkinders kom na ons toe. Ons speel, ons speel,
 daar was nie apartheid by ons gewees nie, Nooi*

(F.A. Ponelis: bandtranskripsie)

Die betrokke NS die witkinders word in die eerste sin gebruik saam met die ander NS: die bruinkinders. Die fokus word geplaas op hierdie twee selfstandige naamwoorde wat albei later in die paragraaf weer opgeroep word. Na die bruinkinders word verwys met behulp van die ons-voornaamwoord as anafoor. Die voornaamwoord ons verwys terug en sluit in die spreker wat 'n bruinvrou is. Die afstand tussen bruin en wit word beklemtoon deur die afwesigheid van die voornaamwoord hulle wat normaalweg die NS die witkinders behoort te vervang. In plaas daarvan, word semanties herhalend opgetree en die NS neem die plek in van die anafoor. Die eggoeffek van:


ons speel heeldag saam met

word teruggevind in die semantiese herhaling van

ons speel, ons speel

waardeur die kontinuïteit van die handeling beklemtoon/geïntensiveer word.

Die ons as anafoor is aanvanklik klasspesifiek en verwys na die bruinkinders, die groep waartoe die spreker behoort. Die handeling van die witkinders (naamlik om na die bruinkinders te gaan) verbreed die semantiese verwysingsveld van die voornaamwoord ons en benoem ten slotte albei groepe. Vergelyk:



⁵ Carstens (1979: 28 - 58) ondersoek streng en slap identiteit en die toepassing van onder andere die S-delesietransformasie; dubbelsinnigheid ontstaan as gevolg van slap identiteit omdat daar verwarring bestaan ten opsigte van die korrekte anaforiese verhouding tussen die antesedente en hul anafore. Streng identiteit (dit is wanneer twee knope sowel leksikaal as referensieel identiek is) as oplossing, kom neer op semantiese herhaling.

Deur hierdie voorplasing van die anafore word die leser se aandag vasgevang totdat die aard van die antesedent opgeklaar word. Dit gebeur soms dat die gebruik van anafore dubbelsinnigheid kan veroorsaak veral as die sinslengte toeneem.

In die WAT (Deel I: 190) word Anafoor gedefinieer as stylfiguur wat bestaan in die herhaling van dieselfde woord of woorde aan die begin van twee of meer opeenvolgende sinne, sinsnedes of versreëls, byvoorbeeld:

[5-9g]

*Ek het dit gesoek in die oë van lewende mense,
ek het dit gesoek in die boeke van die dooies.*

Identieke stuk-herhaling word nagevolg tot by die laaste NS, naamlik die NS binne die voorsetsgroep, waar 'lewend' en 'dood' uiteindelik teenoormekaar gestel word.

Waar anafoor as stylfiguur betrekking het op die semantiese herhaling van beginwoorde, verwys epifoor na die herhaling van spesifieke woorde of uitdrukkings aan die einde van sinne (Wybenga, 1988: 128). Vergelyk die aanhaling waar voorplasing ter wille van nadruk gebruik word:

[5-9h]

TOE-EIENING

die berge is vir my blou in hulle stand geplaas
die osoon filtreer die temperatuur
temperend vir my huid die dorp raas
genoeglik vir my oor in hierdie voorbestemde uur

onheuglik trug my liggaam mag hier
lig wandel met die lag van 'n glansende tand
mag ek die fyn afgestemde vier
met 'n spits neus en dun hand

en rooi tong die aarde hel in sy baan
vir my die bome bloei
vir my die suikerbekkie bestaan
vir my dis vir my wat die reier statig roei
(T.T. Cloete)

Die herhaling van die voorsetsgroep vir my kom deurgaans in hierdie gedig voor. In die openingstrofe word vir my (voorsetsel + NS: vnw.) in die normale volgordepatroon gebruik. Vervolgens word die voorsetsgroep uitgebrei tot voorsetsel + NS (lidwoord + s.nw.) en daar word gebruik gemaak van die dele van die deel-geheel-verwysing; vergelyk:

vir my huid
vir my oor
my liggaam

die lag van 'n glansende tand
spits neus
dun hand
rooi tong

Na die interessante aanwending van hierdie sintaktiese konstruksies keer die digter terug na sy oorspronklike geheel-konstruksie waar my na die mens in sy totaliteit verwys. Deur skynbare voorplasing word hierdie voorsetsgroep (vir my) geïsoleer en dit word semanties opvallend gemaak. Eintlik is dit 'n subtiële aanwending van tipologie deurdat die voorsetsgroep ontnem word van sy regmatige plek in die sin, dit wil sê aan die sinseinde; die normale plasing sien soos volg daar uit:

die aarde hel in sy baan vir my
die bome bloei vir my
die suikerbekkie bestaan vir my

Die normale volgorde is nie in dieselfde mate daartoe in staat om die aandag te vestig op die voorsetsgroep vir my soos wat die digter dit reggekry het nie - selfs al word die voorsetsgroep semanties herhaal.

Die gedig sluit af met die voortsetting van die semantiese klem op vir my deur die konstruksie twee maal in die laaste strofe te gebruik. Die normale sinsvolgorde en die voorsetsgroep sou lees:

Die reier roei statig vir my

maar word nou geïntensiveer deur semantiese herhaling, inversie, en voorplasing van hierdie voorsetsgroep.

5.6.3.3.2 Nie-naamwoordelike anaforiek

Volgens Ponelis (1979: 380) is nie-naamwoordelike anaforiek/pro-vorme elemente waarvan die bestek telkens 'n hele klas uitdrukkings is, bv. wie (persone), wat (nie-persone), waar (plek), wanneer (tyd). Daar word pro-adjektiewe onderskei (bv. so/wat + 'n), pro-wyse-adjunk (hoe/op watter wyse, Doen dit so), pro-adjektief + voegwoord versmelt tot sodat, en pro-substantiewe (een/ene, myne, ens., s'n), die voorwerp so en die pro-vorm dit (in dit kan reperkussies hê dat).

Die volgende element naamlik: so tree as pro-vorm op:

[5-10a]

My man dink hard aan 'n oplossing vir die probleem,
en ek maak ook so.

Hierdie so word as pro-vorm gebruik vir die hele sinstuk:

so = *dink hard aan 'n oplossing vir die probleem.*

Daar is ook pro-adjektiewe en proverbiale vorme soos die volgende:

[5-10b]

Sy is treurig en ek voel ook so.

Hy voel vies vir die baas en ons voel ook almal so.

Pro-vorme hoef nie noodwendig net te ko-refereer met sintakties-verwante elemente nie. In bogaande voorbeeld is dit duidelik hoe veeldoelig so aangewend kan word. Pro-vorme is korter as die gedeeltes waarvan hulle die plek neem. Die negering van pro-vorme lei tot semantiese herhaling indien die herhaling daardeur wil intensiveer.

Die volgende is 'n herhaling van stukke:

[5-10c]

Is hulle Hebreërs? Ek ook.

Is hulle Israeliete? Ek ook.

(2 Korintheërs 11: 22)

Die gebruik van die pro-vorm ook impliseer die bestaan van die skrappings-NS. Die semantiese volvorm (voor skrapping) is die volgende:

Stelling	Stelling bevestig		
Hulle is Hebreërs.	Ek is ook 'n Hebreër	>	<i>Ek ook.</i>
Hulle is Israeliete.	Ek is ook 'n Israeliet	>	<i>Ek ook.</i>

5.6.3.3.3 Vervanging

Vervanging is 'n teksstukproses waardeur een item deur 'n ander vervang word, byvoorbeeld:

[5-11]

Ek kan loop; jy nie

van *Ek kan loop + jy kan nie loop nie*

Ek kan loop. Jy kan nie. (nulanafoor)

van *Ek kan loop. Jy kan nie loop nie.*

waar skrapping plaasvind.

In die teksanalise van 'n **Poort deur die koue** word daarop gewys hoe semantiese herhaling toegepas word en vervanging afgeweer word deur die gebruik van die semantiese volvorm.

5.6.3.3.4 Ellips

Ellips verwys na die herhaling van 'n bepaalde struktuur met weglating van sekere oppervlak-elemente:

[5-12a]

Ek het 'n boek, potlood en uitveër gekoop.

Ek het 'n boek gesien, begeer en gekoop.

In die geval van ellips (skrapping) word 'n element/element dus weggelaat, byvoorbeeld:

[5-12b]

Piet eet 'n appel en drink melk

van S1 *Piet eet 'n appel*

S2 *Piet drink melk*

Gunter (1974: 7) skryf: "An elliptical sentence, then, is one capable of expansion to a longer underlying form". Hierdie "longer underlying form" dui juis op 'n SH-konstruksie.

In die oppervlakte- sintaktiese strukture is daar nie SH-elemente nie. Hierdie gevalle is relevant as daar met nulanafore gewerk word; dan verval die onderskeid tussen oppervlakte- en dieptestruktuur en gaan dit eenvoudig oor die relasie antesedent-anafoor.

Die volgende aanhaling is belangrik: "Like the use of pro-forms, ellipsis illustrates the trade-off between compactness and clarity. Utilizing texts with no ellipsis consumes time and energy. At the other extreme, very heavy ellipsis cancels out any savings of time and energy by demanding intensive search and problem-solving" (De Beaugrande en Dressler, 1981: 69).

Indien die inkorting van inligting te drasties sou wees, word semantiese herhaling gebruik ter wille van suksesvolle kommunikasie, beklemtoning en intensivering: "Pro-forms and ellipsis evince a trade-off where compactness might become so extreme that no savings in effort are attained after all, because energy is drained away reconstructing things" (ibid: 80).

Nie een van die voorgaande volvorm-voorbeelde, (waar vervanging en ellips (skrapping van identieke stukke) nie toegepas word nie,) is sintakties semanties foutief nie. In die teksanalise van '**n Poort deur die koue**' word hierdie feit, naamlik dat die semantiese volvorm nie 'n foutkonstruksie is nie, goed geïllustreer. Vergelyk die onderhawige bespreking in Afdeling B.

5.6.3.4 Neweskikking en konjunksie

'n Duidelike signaleringswyse om die relasies tussen gebeure of situasies aan te toon, word deur sinsverband bewerkstellig. Wybenga (1988: 42) skryf: "Onder sinsverband word 'n spesiale soort binding verstaan wat gedeeltelik op binding deur voegwoorde en bywoorde berus, maar altyd, soms by uitsluiting van voegwoorde en bywoorde, op die semantiese verband wat daar tussen sinne tot stand kom" (my onderstreping).

Daar word onderskei tussen neweskikking en onderskikking:

- | | | |
|---------|-----------------------------|------------------------------------|
| | sin 1 | sin 2 |
| [5-13a] | <i>En hy gesels,</i> | <i>en hy eet.</i> (neweskikking) |
| [5-13b] | <i>Hy gesels 'n rukkie;</i> | <i>daarna eet hy.</i> (konjunksie) |

In die geval van onderskikkende verbande is sin 1 semanties 'n vereiste vir sin 2, want sin 2 vloei logies voort uit sin 1. Hegte semantiese verbande kan deur neweskikking en onderskikking gelê word. In die bespreking van '**n Poort deur die koue**' word die besondere waarde van die voegwoord en, asook die invloed wat dit op die binding en samehang van die teks het, volledig bespreek.

5.6.3.5 Eenheids-/metataalmerkers

Een van die bindende elemente in diskoers is die sogenaamde eenheidsmerkers. Wybenga (1988: 46) haal Stubbs (1983: 47) aan wat beweer dat hierdie metataal gebruik word om oor die verloop van die diskoers uitspraak te maak. Hierdie soort semantiese vullers dien as binding in 'n bepaalde teks. Veral in gestaal loop dit soms soos 'n draad dwarsdeur 'n gesprek. Eenheidskeppende verbandwoorde is gerig op die eenheid en samehang in die teks as geheel. Hierdie soort verbandlegging word ook genoem die aanhaakmeganisme wat kenmerkend semanties herhalend optree.

Brown en Yule (1986: 16) meld in hierdie verband: "(b) in written language an extensive set of metalingual markers exists to mark relationships between clauses (that complementisers, when/while temporal markers, so-called 'logical connectors' like besides, moreover, however, in spite of, etc.), in spoken language the largely paratactically organised chunks are related by and, but, then and, more rarely, if. The speaker is typically less explicit than the writer: I'm so tired (because) I had to walk all the way home. In written language rhetorical organisers of larger stretches of discourse appear, like firstly, more important than and in conclusion. These are rare in spoken language." Vergelyk ook Eastman (1984: 77-79) in hierdie verband.

In die volgende paragrafe is daar voorbeelde van hierdie gespreksvullers as spraakgewoonte. Hierdie soort vullers is kenmerkend van 'n bepaalde individu se spraak en word gewoonlik geneem uit 'n korpus beskikbare woorde of woordgroepe wat bekend is aan al die sprekers maar wat net deur 'n sekere aantal gebruik word.

In die twee aanhalings uit vertellings deur Jan Spies (bundel: **Poort deur die koue**) kom benewens voorbeelde van sodanige gespreksvullers (as spraakgewoonte) ook ander SH-elemente voor; vergelyk:

[5-14a]

*En ek is toe deur die operasie ok en dit het goed
afgeloop en ek het begin regkom.
Maar man, was darie mense nou vir my goed gewees -
baie goed, dierbaar goed.
Want jong, hulle stel belang in 'n mens, en hulle*

hjelp vir jou met liefde, as jy verstaan wat ek bedoel.
 Nee man, darie mense was nou vir my so goed - tot die
 ou kleinste nursie, as jy verstaan wat ek bedoel - lat
 dit vir my gesmaak het ek moet vir haar sê 'moedertjie',
 as jy verstaan wat ek bedoel.

(Jan Spies: As jy verstaan wat ek bedoel 1987: 52)

Die volgende soorte semantiese herhaling kom voor in hierdie stuk monoloog:

- (1) Die en as sinsbinder en neweskikker word telkens aangewend.
- (2) Daar is sinonieme tydsaanduiding tussen toe en ok (ook).
- (3) In die sinsaanvangsposisie word die groep
vuller + aanspreekvorm gebruik, naamlik:
maar man
want jong
nee man
- (4) In sinseindposisie word die frase (wat ook die titel van
 die vertelling is) gebruik:
as jy verstaan wat ek bedoel.
 Die spreker sluit sy sinne tydig en ontydig af met hierdie
 sinsnede as spraakgewoonte.
- (5) Die voorsetsel vir word deurgaans gebruik in kombinasie
 met die voornaamwoord my:
 "was darie mense vir my goed gewees" (goed wees vir is 'n
 vaste kombinasie met vir)
 "hulle help vir jou met liefde" (help word gebruik sonder
vir; vir is dus semanties redundant)

Deur die volgende aanhaling word die taalgewoonte van die hoofkarakter gegee. Met hierdie
 soort semantiese herhaling word sy spraak onderskei deurdat dit idiolektiese eienaardighede
 weerspieël. Daar word by die hoorder 'n bepaalde verwagting gekweek ten opsigte van
 hierdie gewoonte. Vergelyk:

[5-14b]

Waar Laggerjan gelewe en gelag het, weet ek nie.

.....
*Maar Laggerjan het genoeg gelag om mense wat lank
 na hom sou kom, ook nog van hom te laat weet.*

.....
*Sy manier was om die mens wat met hom praat, se
 laaste woorde te herhaal wanneer die die slag
 asem skep. Daarby het Laggerjan dan "ja" gevoeg,
 en gelag.*

*Dit was maar selde dat hy meer te sê gehad het as
 dit wat vir hom gesê is.*

(Jan Spies: En Laggerjan lag 1987: 107-113)

Van der Merwe (1989) onderskei van die metataalmerkers en noem hulle stopelemente.

semantiese herhaling lê dus tussen sulke elemente oor 'n teks heen. Hierdie stopelemente is SH-elemente omdat dit elemente is wat gewoonlik dikwels voorkom tydens spontane gesprek en sodoende semantiese binding verstewig.

Veral twee kategorieë van dié wat onderskei word, word baie effektief as SH-elemente gebruik, naamlik die aandagtrekkers en gedagteknopers. Met gebruik van die volgende aandagtrekkers word die hoorder se belangstelling verkry, naamlik: verstaan; jy weet/weet jy; sien; kyk; ne; hoor hier (so); ek sê; man. Hierdie voorbeelde kan ook vanweë konstante hergebruik as SH-elemente sinsbinding bewerkstellig. In '**n Poort deur die koue**' vervul die gedagteknoper en 'n baie funksionele rol as teksbinder; kombinasies van en + gedagteknoper 2 kom ook voor, byvoorbeeld: en toe, en dan, en nou.

Voegsinnes soos eintlik en om presies te wees, word binne SH-verband gebruik wanneer 'n stelling gemaak word wat deur 'n bepaalde sinoniem gespesifiseer word vanweë die inherente semantiese verskille wat daar tussen lekseem A en lekseem B bestaan.

[5-14c]

Die mooi meisie is *eintlik* aantreklik

Die mooi meisie is, *om presies te wees*, aantreklik.

Vergelyk ook

[5-14d]

Die mooi meisie is *nog* aantreklik en aanvallig *ook*

waar die sinonieme verskillende karaktereienskappe onderskei juis vanweë die fyn nuanseverskil tussen die sogenaamde sinonieme; die lekseme nog, en en ook beklemtoon die bykomende kenmerke.

5.7 HERSTELLINGSTRATEGIEË

Onder sekere omstandighede gebeur dit dat 'n spreker iets op 'n bepaalde manier sê, waarmee hy self nie tevrede is nie. So byvoorbeeld gebeur dit dikwels dat 'n konstruksie wat SHR-elemente bevat, ná uiting gekorrigeer word deur die spreker; hy is self bewus van die swakheid in sy formulering:

[5-15a]

*Onthou om op te daag vir jou mondelinge eksamen
wanneer jy mondeling vrae gaan beantwoord - ag
ek bedoel vrae gaan beantwoord*

Die spreker besef dat hy semanties redundant geformuleer het, herstel sy fout deur die verskoning te verwoord met "ag, ek bedoel", en die invoeging daarna van die nuut geformuleerde sin waarmee die semanties redundante gedeelte vervang word. Die semantiese feit dat dit 'n mondelinge eksamen is en nie 'n skriftelike eksamen nie, maak die stel van mondelinge in mondelinge vrae beantwoord redundant. Dieselfde redundante konstruksie word geformuleer met skriftelik soos in:

*Onthou om op te daag vir jou skriftelike eksamen
wanneer jy skriftelik(e) vrae gaan beantwoord - ag,
ek bedoel vrae gaan beantwoord*

Albei hierdie SHR-sinne kan dus semanties gereduseer word tot:

*Onthou om op te daag vir jou mondelinge/skriftelike
eksamen wanneer jy vrae gaan beantwoord*

of

*Onthou om op te daag vir jou eksamen wanneer jy
mondelinge/skriftelike vrae gaan beantwoord.*

Brédart (1991: 129) gee 'n ontleding van hierdie selfherstel-strategie van foutkonstruksies deur die spreker en bespreek o.a. die "Covert Repairs: This category included repetitions (without change) of one or more words and interruptions without repetition including an editing term other than euh" (ten opsigte van Frans). Volgens Brédart se navorsing kom Covert Repairs in 41,5% van gevalle voor. Dit blyk uit hierdie en ander navorsing dat dit 'n empiriese feit is dat selfs verkeerde woorde oor die algemeen nie reggestel word deur die spreker nie.⁶

Die volgende is ook waargeneem in die onderhawige navorsing oor semantiese herhaling in die grammatika van Afrikaans by sprekers wat sogenaamde SHR-konstruksies geformuleer het: "Indeed a speaker might strategically complete a neutral or an inappropriate word in order to not send an 'error message'. But by doing this, he or she does not signal that the word is correct. In the present context, not giving a signal or error does not necessarily correspond to giving a signal of correctness" (ibid.: 138).

Die spreker maak sogenaamde SHR-foute maar in min gevalle word die foute herstel (soos in die voorbeeldsin gedoen). Volgens Brédart (1991: 124) bring Levelt se navorsing die volgende aan die lig: "He reported that speakers interrupted erroneous words, i.e., real errors, much more often than either merely inappropriate words or correct words that preceded the repairing interruption in cases of delayed repairs" (my onderstreping). Die spreker maak in gevalle soos hierdie staat op die hoorder se vermoë om die semanties nodige inligting uit sodanige SHR-konstruksies te onttrek en om die korrekte boodskap af te lei.

Hierdie strategie kan geïllustreer word aan die hand van die onderliggende semantiese verbande wat gelê word in die loop van hierdie skynbaar onsamehangende gesprek word aangetoon met behulp van onder andere verbindingspyle. Vergelyk:

⁶ Vergelyk Steyn (1970: 9) in hierdie verband: "Die taalervaring leer ons egter dat baie taalgebruikers maar sukkel-sukkel formuleer, met baie e e onderbrekings, haak- en hakkelplekke en onafhede in die fatiese struktuur en die intonasie. Op sy minste merk ons 'n diskrepansie tussen die gesproke en die geskrewe taalgebruik. Wie skryfwerk van enige aard doen, moet hom juis inspan om die ondermynende elemente te weer wat so maklik kan insluip. Maar dikwels is daar wel mense wat 'korrek' en 'afgerond' praat".

[5-15b]

<u>Spreker:</u> Ek was op die Spoorweë	}	Spoorweë
ek, ek was 'n spoorwegklerk gewees (gesprek gaan aan)		
Toe was die Kaapse ou Loko	}	Kaap
die Loko was nog daar gewees in die Kaap.		
Regoor die mark was die Loko gewees	}	Loko
en en dan haal ek die ou		
hulle het vir hom gesê die Kaboes wat al die werk	}	hulle
<u>Ondervraer:</u> Ja, ja		
<u>Spreker:</u> Die stokers en die treindrywers.	}	loko
Dan haal ek hom half vyf hier		
dan haal ek hom daar	}	
dan gaan ek deur		
dan spring ek sommer,		
die Loko was regoor da hou hy daar stil		
dan spring ek sommer daar af.	}	
Natuurlik Kaapse goedere toe.		

(Ter wille van 'n eenvoudiger ontleding is die sinstukke semanties fragmentaries ingedeel en aangebied.)

Die volgende gespreksonderwerpe word semanties herhalend beskryf: Die hooftema is die Loko, terwyl tyd en ruimte deeglik beskryf word. Die deiktiese verwysing is ook interessant:

Aanvang van reis:
hier op Soutrivierstasie
 word
 haal ek hom daar

waar hier en daar na dieselfde lokaliteit verwys. Die tweede deiktiese verwysing het te doen met die man se bestemming:

da hou hy stil
 spring ek sommer daar af
 Kaapse goedere toe.

5.8 SAMEVATTING

Die rol wat semantiese herhaling in diskoers speel, word met behulp van diskoersanalise geïllustreer. Daar word uitgegaan van die standpunte van De Beaugrande en Dressler (1981) en dié van Brown en Yule (1986) oor die rol wat semantiese herhaling speel ten opsigte van binding en samehang in 'n teks.

Die gespreksreëls van Grice, Leech, en Sperber en Wilson word as riglyn gebruik in die bespreking van diskoersreëls.

Ten eerste is daar aandag gegee aan die handhawing van die ekonomiebeginsel en daar is nagegaan in watter opsigte en om watter redes semantiese herhaling hierdie beginsel oortree. Die spreker oortree doelbewus die ekonomiebeginsel wanneer hy gebruik maak van onder andere sinonieme inligting en betekenisverklaring (wat dus neerkom op betekenisoorvleueling en -herhaling) deur parafrasering en presisering van inligting. Die ekonomiebeginsel word veronagsaam in diskoers ter wille van suksesvolle oordrag van die boodskapinhoud. Die wyse waarop semantiese herhaling struktureel bewerkstellig word op morfologiese, stuk- en sinsvlak is reeds in hoofstuk 3 en 4 aangetoon. Op diskoersvlak kom die aanwending en doelbereiking van semantiese herhaling egter ten beste na vore, omdat langer tekste in die geheel beskou word.

Die tweede gespreksreël, naamlik dié van relevansie impliseer dat die spreker relevante inligting behoort te verstrek. Daar is egter omstandighede waaronder die spreker ook hierdie reël aanpas. Die aanwending van SH-konstruksies lei tot 'n ooraanbod van relevante inligting.

Die derde gespreksreël vereis dat die helderheidsbeginsel toegepas word. Hiermee word verwys na duidelike, eenduidige en spesifieke formulering. SH-konstruksies voldoen juis op 'n 'oordadige' manier hieraan, aangesien die spreker probeer om te/baie helder, te/baie duidelik te formuleer.

Nuwe inligting as relevante inligting word gestel teenoor semantiese herhaling wat neerkom op 'n herhaling van ou inligting. Semantiese herhaling word egter verantwoord onder bepaalde omstandighede, maar in sekere gevalle bevat onder andere pleonasmes onmotiveerbare, dus redundante inligting. In diskoers vind daar gereeld 'n ossilasie plaas tussen oor- en onderpresisering van relevante inligting.

Die belangrikste redes waarom SH-konstruksies gelever word, is die volgende: (1) om meerduideligheid op te hef; (2) om onvoldoende referenttoesegging op te hef; (3) om vaagheid op te hef, (4) om op onvoldoende inligting uit te brei, en (5) om kommunikasie te red.

Die belangrikste funksies wat semantiese herhaling in diskoers is die volgende: dit verskerp die geheue, word aangewend ter wille van retoriek, gee opsommend inligting weer, versterk argumentasie, en lei tot inprenting van inligting.

Tekstuele binding is van kardinale belang in 'n teks aangesien suksesvolle binding eenheid daarin bewerkstellig. Binding vind plaas wanneer een element in die teks deur 'n ander element vertolk moet word.

Daar bestaan bepaalde tekstuele meganismes aan die hand waarvan tekstuele binding bewerkstellig word. Hierdie meganismes word met behulp van praktiese voorbeeld geïllustreer.

Die onderwerp/tema vloei logies voort uit die diskoerssituasie en word op verskeie maniere

uit die tema in die diskoers ingevoer. Tekssamehang word in 'n groot mate gerig deur tematiese progressie waarin semantiese herhaling 'n groot rol speel. 'n Tema kan ook sin na sin herhaal word in 'n teks.

Leksikale binding is die belangrikste wyse waarop semantiese herhaling gemanifesteer word in teks/diskoers. Semantiese of vormlik identieke herhaling kom voor in spreektaal, maar ook in skryftaal wanneer 'n bepaalde saak telkens herhaal word byvoorbeeld ter wille van beklemtoning. Betekenisrelasie, onder andere sinonimie en hiponimie is in hierdie opsig van belang. Gedeeltelike semantiese herhaling kom ook voor in diskoers. Parallelisme wat ter wille van intensiteit gebruik word, word bespreek.

Die rol wat semantiese herhaling speel binne anaforiek, word bespreek. Deur middel van semantiese herhaling word onvoldoende referensiële inligting uitgebrei. Die anafoor as stylfiguur word gestel teenoor die epifoor. Semantiese herhaling tree op in nie-naamwoordelike anaforiek. Neweskikking en konjunksie speel ook 'n rol in tekstuele binding. Metataal-/eenheidsmerkers is een van die bindende elemente in diskoers. Hierdie soort verbandlegging wat ook as die aanhaakmeganisme bekend staan, tree kenmerkend semanties herhalend op.

Die spreker het ook bepaalde herstellingstrategieë wat hy toepas om sy SHR-konstruksies te herstel; hierdeur probeer hy suksesvoller (of is dit keuriger?) oordrag bewerkstellig.

TEKSANALISE: 'n Poort deur die koue

Bladsy

5.9	INLEIDING	391
5.10	TEMA	393
5.11	TYD- EN RUIMTEPLASING	394
5.11.1	Intensivering as SH-strategie:	395
5.11.1.1	elementherhaling	395
5.11.1.2	adjektiefintensief	397
5.11.1.3	setselherhaling	398
5.11.2	Morfeemooreenkoms	399
5.12	PERSOONSNAAMGEWING	400
	Aanspreekvorms en gespreksreëls	
5.13	HANDELINGE	403
5.13.1	Herhalingshandeling: gesprek	403
5.13.2	Herhalingshandeling: drankgebruik	407
5.13.3	Herhalingshandeling vertroebel:	409
	drankgebruik beïnvloed gesprek	
5.13.4	Herhalingshandeling vertroebel:	414
	drankgebruik beïnvloed uitspraak	
5.14	BINDING	415
5.14.1	Anaforiek	415
5.14.2	Uitskakeling van vervanging/identieke stuk-skrapping	418
5.14.3	Neweskikking	420
5.15	SAMEVATTING	422

5.9 INLEIDING

Onder **teksanalise** word die volgende verstaan: "het ontleden van een geheel in delen. Bij een analyse kan men zich concentreren op het benoemen van de onderdelen, op het benoemen van de relaties daartussen, of op allebei. Een analyse biedt een representatief beeld van de samenstelling van het geanalyseerde object. Bij tekstanalyse is dat object de hele tekst, ofwel een aanzienlijk deel ervan" (Pander Maat, 1991: 47).

Die verhaal van Jan Spies: **'n Poort deur die koue**⁷ word vervolgens ontleed aan die hand van die vereistes wat daar aan tekstualiteit gestel word. Hierdie verhaal leen hom uitstekend tot 'n bespreking van semantiese herhaling omdat daar baie sodanige gevalle oor die hele teks voorkom hetsy op morfologiese, fonologiese, of sintaktiese vlak. Grammatiese SH-strukture, anaforiek, pro-vorme, ens. kom alles voor in hierdie ryklik SH-geskakeerde kortverhaal. Die verskillende verhaalelemente sal in die loop van die bespreking ondersoek word.


'n Poort deur die koue is 'n voorbeeld van die vertelling as prosavorm. Die hele verhaalstruktuur is verweef in die dialoogvorm. Die gemoedelikheid van die verteltrant wat deurgaans gehandhaaf word, word versterk deur die gebruik van veral neweskikking en dus van die gebruik van die voegwoord en. Hierdie en ander SH-aspekte word in die loop van die bespreking behandel.

Die vertelling is eenvoudig gestruktureer; daar is nie intriges, moeilike argumentasie of versweë inligting nie; dit voel vir die leser asof alles wat die twee reisigers dink en alles wat hulle te sê het, verwoord word - só baie dialoog is daar in die kort bestek van die vertelling. Die verhaal handel oor twee mans, sersant Jônê Louw en pater Hoeflies wat mekaar ontmoet aan die begin van hul reis van Keimoes na Kenhardt. Hulle lê die reis saam af in die bittere koue van 'n wintersnag. Al wat hulle deur hierdie vreeslike aanslag van die natuur dra, is mekaar se geselskap en die geselskap van die brandewynbottels.

⁷ Die teks word ingesluit na die bespreking as Bylaag A.

Die belangrikste verhaalelemente kan soos volg uiteengesit word:

[5-16]



Die semantiese trefkrag van die verhaal lê enersyds in die eenvoud van die vertelling en andersyds in die maksimale ontginning van ongekompliseerde gegewens deur hergebruikmaking daarvan as herhalingstrukture. Hierdie herhalingstrukture is nie beperk tot verhaalelemente nie, maar betrek uiteraard die hele taalinkleding.

Daar is voortdurend gevalle van semantiese herhaling wat sirkelgange volg. Op punt A in die verhaal word byvoorbeeld die eerste keer melding gemaak van 'n bepaalde aspek; later in die verhaal, op punt B, kom dit weer voor en dalk nog later, op punt C, weer. Hierdie herhaling van inligting het 'n rimpeleffek op die struktuur en tekstuele binding binne die verhaal.

In die verloop van die verhaal is daar 'n voortdurende wisselwerking te bespeur van 'n afname in intensiteit aan die een kant, en 'n toename van intensiteit aan die ander kant. Die

fyn balans van oorsaak en gevolg, van progressie en regressie word bereik deur semantiese herhaling. In sommige gevalle word semantiese herhaling openlik aangewend om 'n bepaalde verhaalelement te beklemtoon, en in ander gevalle word dit baie subtiel aangewend om die leser se aandag en denke te prikkel. In die chronologiese gang van die verhaal val die volgende op:

(1) Dat die mans saam reis, lei tot 'n afname in eensaamheid en 'n toename in kameraderie en samebinding.

(2) Die bepaalde tyd van die jaar waarin die reis plaasvind, lei tot 'n toename in die intensiteit van die koue; die geweldige koue lei weer tot 'n afname in die taboekrag teen drankmisbruik en 'n gevolglike toename in die gebruik daarvan.

(3) 'n Toename in drankgebruik lei tot:

- (a) 'n toename in die intensiteit van gesprekvoering;
- (b) 'n afname in die sinvolheid van die gesprek, en
- (c) 'n toename in gemoedelikheid en familiariteit.

5.10 TEMA

Die eerste geval waar semantiese herhaling ter sprake is, is geleë in die titel van die vertelling. Dit is nie slegs die titel van hierdie spesifieke stuk nie, maar dit het 'n wyer trefwydte: **Poort deur die koue** is ook die titel wat toegesê is aan die bundel. Die herhaling van die verhaaltitel kring uit as oorkoepelend van die res (vergelyk die betrokke voorstelling). Die titel van die verhaal kom eers byna aan die einde van die stuk en dus aan die einde van die twee mans se reis, weer ter sprake. En eers op hierdie stadium word daar deur semantiese herhaling uitgebrei op die betekenisinhoud:

[5-17a] En die pad is 'n warm **poort deur die koue** tussen
Keimoes en Kenhardt.


Hierdie stukkie teks tree verhelderend op ten opsigte van die hele bundel: daar word 'n pad, 'n poort van dialoog/diskoers gebaan wat warm, gemoedelik en gesellig is. Hierdie vermoë tot kommunikasie oorbrug die onpersoonlikheid en koue wat kenmerkend is van die mens se bestaan sonder die vermoë of geleentheid om te praat, te gesels, mee te deel. Die spontane meedoen aan gesprek oortref selfs die fisiese afstand van die pad. Die reis moes al opgehou het, want die pad het - maar nogtans duur die gesprek voort:

[5-17b]
*En toe kom die son uit en Kenhardt lê reg voor die twee manne aan die einde van die pad waarvan daar nie baie gelykes is nie. Maar die twee is nog nie naby die einde van hulle gesels nie.
Hulle práát.*

Die impak wat die titelwoorde het van binne die verhaal tot 'n wyer uitkring na die bestek

van die hele bundel, kan soos volg voorgestel word:

[5-17c]



Hierdie hiërargiese ontwikkeling van die tema, hetsy van die basis of die bopunt, sluit aan by die volgende aanhaling uit Hubbard (1989: 58) wat aanhaal uit Lautamatti (1978: 71): "The development of the discourse topic within an extensive piece of discourse may be thought of in terms of a succession of hierarchically ordered subtopics, each of which contributes to the discourse topic, and is treated as a sequence of ideas, expressed in the written language as sentences".

5.11 TYD- EN RUIMTEPLASING

Die ruimtelike plasing van die verhaal word weerspieël in die identifisering van twee bepaalde plekname, naamlik Keimoes en Kenhardt in die Karoo. Dit dui op geografiese feite wat geverifieer kan word. Daar word deurlopend melding gemaak van hierdie dorpe, maar veral van die aard en omstandighede van die stuk pad tussen die twee plekke. Deur semantiese herhaling word die moeilikheidsgraad van die reis aangetoon; teenstrydig met die verwagte verloop van die verhaal is daar 'n afname in die vyandigheid wat die geografiese gesteldheid inhou: namate die drank die logika van die reisigers oorneem, in die mate raak die ent pad al hoe genaakbaarder en hanteerbaarder.

Aan die begin van die verhaal sê pater Hoeflies die volgende:

[5-18a]

*Want die pad Kenhardt toe was vir hom nog altyd
'n eensame pad.*

die pro-vorm lat (dat) as voegwoord werk inversie in die hand, en die koppelwerkwoord word uitgeskuif na die sinseinde. As voegwoord sou lat die werkwoord op die einde vereis: lat hy eensaam is. Deur die adjektief egter in die uitloop te plaas, word eindrelevering en dus nadruk, verkry. Die gebruik van lat in plaas van dat dui op die spontaneïteit van spreektaal en die groter informaliteit van hierdie genre. Die handhawing van die V2-reël in bysinne is 'n kenmerk van die gesproke taal.

Direk hierna volg die tweede intensiefkonstruksie:

[5-19b] *Daaroor kan daar sowaar, indien nie wragtag nie,
geen twyfel wees nie.*

Vanuit die kernsin wat die gewone segging verteenwoordig, word elemente toegevoeg totdat maksimale intensiteit bereik word soos wat dit in die teks gebruik word:

Stap 1	<i>Daaroor kan daar</i>	<i>geen twyfel wees nie</i>
Stap 2	<i>Daaroor kan daar sowaar</i>	<i>geen twyfel wees nie</i>
Stap 3	<i>Daaroor kan daar sowaar</i>	<i>indien nie wragtag nie geen twyfel wees nie</i>

Hierdie sintaktiese stuk is wat struktuur betref, 'n herhaling van voorgaande intensiveringstrategie. Daar is ook benewens stap 1 as stellende trap, 'n opbou deur elementtoevoeging: in stap 2 word die semantiese item sowaar bygevoeg; dit werk semanties verswarend in op geen twyfel (hê) nie, en waar geen twyfel in hierdie opsig sinoniem is aan sowaar:

geen twyfel nie $\supset$ *sowaar*

Daar is volle semantiese ooreenkoms tussen die twee stelle eenhede. Stap 3 impliseer semantiese vervanging van sowaar as intensiveringselement met die sterk negatief gelaaide wragtag as kragwoord. Die hele sinstuk dien as beskrywing van hierdie intensivering:

Daaroor kan daar sowaar geen twyfel wees nie
= *Daaroor kan daar wragtag geen twyfel wees nie.*

Die semanties negatiefste variant, naamlik wragtag (met die tweede -a- as semanties fonetiese versterker in wragtag) word gebruik.

Die verhaalfokus word nou verplaas van die potensiële eensaamheid van die pad na die bittere koue wat allesoorheersend inwerk op die handelinge van die reisigers:

[5-19c] *"Ja," sê pater Hoeflies, "teen die eensaamheid het ons
vannag darem mekaar se geselskap. Maar nou is die pad,
pleks van eensaam, so uitermate koud."*

In die volgende konstruksie word semantiese herhaling gebruik om die intensiteit van die koue aan te toon:

[5-19d] *En hulle máák hulle maak teen die koue.*

Die werkwoord maak wat hier as kousatiewe hulpwerkwoord gebruik word, word reeds diakrities beklemtoon binne die WS en hergebruik as s.nw. Daardeur word semanties groter impak verleen aan die twee reisigers se poging om die koue te trotseer. Die herhaling wat voorkom het te doen met die handeling (werkwoord maak) van iets tot stand te bring, en die entiteit (s.nw. maak) wat die resultaat van die handeling is.

Die semantiese waarde van die s.nw. maak word gevoed en uitgebrei deur die polisemiese insette wat die werkwoord maak verleen. Deur die normale volgordepatroon te behou, word daar op die handeling (ww.) en die gevolg van die handeling (s.nw.) gekonsentreer; die voorsetselgroep met die indirekte voorwerp koue beklee die sinseindposisie. Die fokus bly gevestig op die anafore hulle, en die twee identieke stukke maak - die reisigers bereik op hulle manier sukses teen die koue. Die semantiese herhaling van die vormlik identieke element verhoog die intensiteit van die uiting. (Hierdie konstruksie is onbekend as plaaslike idiomatiese uitdrukking - persoonlike mededeling deur 'n inwoner.)

5.11.1.2 Adjektiefintensief

In die volgende konstruksie word daar weer van 'n ander intensiveringstrategie gebruik gemaak:

[5-19e] *En die koudste koue van die nag maak mening.*

Hier beklemtoon die WS maak mening die felheid van die koue; maak mening kan geïnterpreteer word as "maak met mening koud".

Die oortreffende trap van die adjektief koud word gebruik in kombinasie met die gelykluidende s.nw. koue. Deur die gebruik van hierdie semanties en fonologies identieke stukke, word maksimale intensiteit verkry. Hierdie soort sintagmatiese kombinasies is 'n bekende wyse van intensivering; vergelyk:

[5-19f]

adjektief	oortreffende trap	s.nw.
<i>hittig</i>	<i>die hittigste</i>	<i>hitte</i>
<i>warm</i>	<i>die warmste</i>	<i>warm</i>
<i>mooi</i>	<i>die mooiste</i>	<i>mooi</i>
<i>hard</i>	<i>die hardste</i>	<i>hard</i>

Uit die teks kom die volgende soortgelyke intensief-sinstukke:

[5-19g]

die sterre *in al hulle helderte* = helderste helderte/helderheid

die koue *in al sy skerpste* = skerpste skerpste/skerpheid

Hier val nou 'n interessante morfologies dialektiese paradigma op:

[5-19h]

adjektief	s.nw. (AB-vorm)		tekstvorm
<i>helder</i>	<i>helderheid</i>	=	<i>helderte</i>
<i>skerp</i>	<i>skerpheid</i>	=	<i>skerpste</i>
<i>klam</i>	<i>klamheid</i>	=	<i>klamte</i>
<i>lekker</i>	<i>lekkerte</i>	=	<i>lekkerte</i>
	<i>gevoel</i>	=	<i>gevoelte</i>
	(0-suffiks)		

Na analogie van die algemene vorm onder andere lekkerte op -te (afgelei van die adjektief) word die ander vorme morfologies gevorm; die s.nw. gevoelte het 'n semanties redundante element omdat die -te geskrap kan word sonder enige semantiese verlies. Die vorms is egter deel van die sersant en die pater se dialek.

Daar is herhaaldelike vermelding van die geweldige koue wat die liggaam heeltemal bevrore laat. Die enigste raad hierteen is om elke nou en dan 'n slukkie brandewyn te drink. Die moontlike weerstand wat pater Hoeflies teen hierdie gebruik kon gehad het, verdwyn onder die aanslag van die koue; hy sê opgewonde:

[5-19i]

*"Brandewyn is net die regte ding teen hierdie koue.
Maak oop; net 'n paar slukke is genoeg om 'n man
weer vir 'n ruk op die perd te hou."*

Met die goedkeuring en seën van die pater, word hierdie handeling spontaan en voortdurend herhaal gedurende die vertelling. Die koue is die hooforsaak vir die ander aksies van die twee mans.

5.11.1.3 Setselherhaling

Die enigste voorbeeld van setselherhaling (soos bespreek in hoofstuk 4) kom in die volgende sin voor:

[5-19j]

*En daar op die vaste aarde maak hulle die bottel leeg
en sersant Louw gooi hom **in** die donkerte **in** van die
pad af weg.*

Die onderstreepte gedeelte van die sin bevat twee stukke wat individueel SH-elemente bevat, en wat tesame ook op semantiese herhaling neerkom.

In die eerste geval kom setselherhaling voor wat sintakties semanties op verskillende maniere geïnterpreteer kan word:

[5-20b]

(2) *En die dienaar van die **gereg**
en die dienaar van die **geregtigheid**
knik vir mekaar en hulle **deel** die brandewyn
wat in die bottel skommel.*

Die semantiese herhaling kom na vore in die identifisering van hulle optrede: hulle ry saam en drink saam - twee van die drie hoofhandelinge tydens die reis. Hierbenewens is hulle albei dienaars waar dienaar soos volg gedefinieer word in die HAT:

dienaar:

"iemand wat dien; ondergeskikte;

iemand wat hom toewy aan iemand/iets" (HAT)

Sowel die sersant as die pater dien in die praktiese sin van die woord, want hulle staan elkeen in 'n beroep wat bepaalde vereistes aan hulle stel ten opsigte van hul medemens. Hulle moet byvoorbeeld albei hierdie reis aanpak in die uitvoer van hulle werksverpligtinge. Uit die verloop van die verhaal blyk dit ook dat die sersant 'n 'ondergeskikte' (vergelyk die woordeboekverklaring) posisie beklee in verhouding tot dié van die pater. Dít blyk uit die registersverskil wat bestaan vanweë die vader-kind-verhouding (vader = pater, kind = sersant) wat in die verhaal na vore kom.

Die volgende ooreenkoms met 'n verskil lê in die semanties morfologiese bou van gereg en geregtigheid.

Gereg kan ontleed word as ge + reg waar gereg onder andere beteken: "regsprekene, reghandhawende, regbank, hof". Die sersant dra dus sorg dat reg geskied en gehandhaaf word in die praktyk.

Die pater dien geregtigheid wat die volgende beteken: "1. hoedanigheid wat die mens in staat stel om reg aan 'n ander te laat geskied, billikheid, regverdigheid 2. gesindheid by die mens wat in ooreenstemming is met die wil van God" (HAT).

Daar is 'n verskil tussen die twee mans se onderskeie beroepe wat beklemtoon en bevestig word deur die verskil tussen die woorde gereg en geregtigheid. Die sersant kan sowel dienaar van die gereg en by implikasie van geregtigheid wees; sy verantwoordelikheid lê veral op die praktiese uitvoering en toepassing van dié reg, maar hy kan in die proses ook geregtigheid beoefen. Die pater daarenteen het nie die bevoegdheid om dienaar van die gereg te wees nie, maar hy laat geregtigheid geskied; hy arbei op die geestelike vlak en stel hom in diens van die geregtigheid en dié verkondig hy as deel van sy beroep.

5.12 PERSOONSNAAMGEWING

In die ontleding van die eienaamgewing in die verhaal, is dit opvallend dat die volgende net onder die titel verskyn:

[5-21a] (ter nagedagtenis: *Johnny Rose*)

Die leser lê onwillekeurig 'n verband tussen die werklikheid en fiksie ten opsigte van hierdie geval van naamgewing. Die een hoofkarakter in die fiktiewe verhaal heet (sersant) Jônîe Louw waar Jônîe 'n dialektiese, verafrikaanse variant is van die Engelse voornaam Johnny (wat verband hou met Johnny Rose). Die uitspraakverskille lyk foneties soos volg:

[5-21b] *Jônîe*: [jɔ:ni] x *Johnny* [dzɔni]

Die verafrikaanse variant is kenmerkend van die uitspraak van eenvoudiger mense van 'n hele paar dekades gelede (en moontlik vandag nog as streeksvariant).

Hierteenoor word die vreemde, Latynse aanspreekvorm pater in kombinasie met die Afrikaanse familienaam Hauptfleisch, uitgespreek in die verhaal as Hoeflies, gebruik. Die feit dat pater (en nie dominee nie) deurgaans gebruik word, is bewys daarvan dat die geestelike tot 'n ander kerkverband as die Afrikaanse behoort. Hoewel hy moontlik 'n Rooms-Katolieke priester was, is sy familienaam van Duitse afkoms en bekend in Afrikaans. Die pater stel homself voor as Hoeflies. Hy ken of verkies dus self geen alternatiewe uitspraak nie. Die semantiese herhaling van pater as Pappie word later bespreek.

Hierdie naamgewingstrategie plaas die hooffigure binne 'n bepaalde geografies sosiale milieu en tydsgleuf.

Aanspreekvorme

Die gespreksreëls wat ten opsigte van aanspreekvorme gevolg word in die verhaal, word vervolgens bespreek. Dit blyk uit die teks dat die twee mans goeie geselsers is wat gewoon is daaraan en daarvan hou om te kommunikeer. Sowel die sersant as die pater se beroep bring hulle voortdurend met mense in aanraking.

Die eerste dialoog tussen die twee mans is dié waar hulle kennis maak:

[5-21c]

"Naand, vriend; ek is sersant Jônîe Louw van Keimoes."

*"Naand, Sersant. Ek is pater Hoeflies, en ek hoef seker
nie by te sê: 'van Keimoes' nie."*

Hierdie laaste sin van die pater dui daarop dat hy vooronderstel dat die sersant hom sal ken of ten minste van hom sal weet. Die tradisionele manier van kennismaking word nagevolg deur die hoflike groet van die sersant met identifisering van rang, volle naam (noem- en familienaam) en woonplek. Omdat die aangesprokene in die donker as onbekende teengekom word, word hy neutraal dog vriendskaplik aangespreek as "vriend".

Uit die manier waarop sersant Louw die verhaal oorvertel aan die outeur blyk dit dat hy hoflik en welopgevoed is. Hy kan lekker gesels (sonder enigiets negatiefs in sy taalgebruik). Die sersant oortree nooit tydens die reis of daarna in sy oorvertelling die hoflikheidsreëls nie. Hy betoon voortdurend respek aan die geestelike. Hy spreek hom deurgaans aan as Pater en selfs waar hy die verhaal vertel, praat hy van pater/pater Hoeflies. Die aanspreekvorm

word keer op keer gebruik. Sersant Louw maak ook nie gebruik van die aanvaarbare anafoor u in sy gesprekke met die pater nie, maar herhaal eerder die eretitel:

[5-21d]

"Ek het hoeka die idee gekry, *Pater*,"

"*Pater, Pater*," sê sersant Jôn timer Louw

"*Pater*, ek weet nie wat *Pater* daarvan sal dink nie"

(in plaas van: wat *u* daarvan sal dink nie

Die outeur self handhaaf die hoflikheidsreëls voortdurend. Hy beskryf sy karakters telkens volledig as sersant (Jôn timer) Louw en pater Hoeflies.

Dit is interessant hoe die pater in sy gespreksreëls verskil van die sersant. Die pater spreek net eenmaal die sersant direk aan toe hulle kennis maak:

[5-21e] "Naand, Sersant. Ek is pater Hoeflies".

Hy identifiseer homself ook volgens rang en familienaam; die noemnaam ontbreek egter. Dit is opvallend dat hy die Latynse pater gebruik in plaas van die bekender en aanvaarbare vader as eretitel. Hy hou by die leentitel. Hiermee word afstand in die verhouding vader (pater) x kind onmiddellik gestel en deurgaans gerespekteer.

Daar is 'n bepaalde registerverskil wat gehandhaaf word tussen die reisgenote. Die sersant betoon respek aan die geestelike en hou vol met sy formele aanspreekvorm. Die pater daarenteen, gebruik nie verder die titel of naam van die sersant nie, maar praat met hom sonder om 'n bepaalde benaming te gebruik. Tussen die twee mans bestaan daar 'n statusverskil wat gehandhaaf word. Selfs nie die brandewyn wat hulle redenasievermoë, gespreksvlotheid en -kreatiwiteit aantast, beïnvloed die aanspreekverhouding nie. Selfs tot die laaste sin word die balans in verskil behou:

[5-21f]

"want ons is toe so eie met mekaar - hy sê vir my

'Jôn timer' en ek sê vir hom 'Pappie'."

Vergelyk in hierdie opsig die volgende ontwikkelingslyn wat te bespeur is. Informatiwiteit is belangrik, want daar is telkens 'n nuwe manier van benoeming:

[5-21g]

Verloop van verhaal			
begin ● —————> ● einde			
Karakters	Aanspreekvorme		
	formeel	minder formeel	informeel
<i>sersant</i>	<i>Pater, Pater</i>	<i>Pappie</i>	
		[+respek] [+toegeneënthed]	
<i>pater</i>	<i>Naand, Sersant</i>	<i>O</i>	<i>Jônle</i> [+toegeneënthed]

Aan die einde van die verhaal is die familiariteit by die sersant beperk tot die titel van die geestelike, terwyl die pater die sersant se noemnaam gebruik. Die handhawing van die statusverskil tussen die twee mans word in die slotsin verbreek met die gebruik van Pappie deur die Sersant, en die gebruik van Jônle deur die pater. Die verbreking van hierdie gespreksreël sinjaleer dan juis ook toegeneënthed tussen die twee reisigers.

Die ontwikkelingslyn van pater is baie interessant:

[5-21h]

Latynse Pater = Vader (aanvaarbare aanspreekvorm in Afrikaans ook vir 'geestelike')

Vader > *Pa*
Pa > *Pappie*

Slegs Pater > Pappie word gebruik en daar is nie 'tussenvorme' nie. Daar is die behoud van respek vir die pater deur die sersant; die situasie bly staties. Daar is 'n toename in toegeneënthed by beide karakters vir mekaar; die situasie is dinamies.

Semantiese herhaling word hier die draer/vergestalting van die registerverskil en werk op die volgende manier: die aanspreekvorme identifiseer konsekwent dieselfde referente maar die progressie loop van pater ('geestelike vader') tot pappie ('aardse vader'). Pater en pappie is dus nie volkome sinoniem nie.

5.13 HANDELINGE

5.13.1 HERHALINGSHANDELING: GESPREK

Semantiese herhaling dien as vestiging van die vertelling as diskoers/dialogo. Die verskillende handelinge waarvan daar maar enkeles is, volg mekaar ritmies en herhalend op.

Die kommunikatiewe funksie is van kardinale belang. Hiermee saam hang die handeling wat met die fisiese reis te doen het, afgewissel deur die handeling wat met die hantering van die brandewyn saamhang: terwyl hulle gesels ry en drink hulle, terwyl hulle ry gesels en drink hulle, terwyl hulle drink gesels en ry hulle. Hulle hou enkele kere stil en terwyl hulle stilhou gesels en drink hulle. Daar is nêrens en nooit tyd vir stiltes nie en deur voortdurende dialoog besweer hulle die vreeslike koue. Die uitwerking van die brandewyn dra later nog verder by tot die onophoudelike stroom woorde.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat juis hierdie stukkies dialoog herhalings is waardeur die beginsel van informatiwiteit verbreek word. Hierdie verbreking het egter ook 'n doel, naamlik om die beskonkenheid van die gespreksgenote te verbeeld. Hierdie funksie van die SH-konstruksies toon (in samewerking met die reël van informatiwiteit) dat die funksie self konteksgebonde is.

Die intensiteit van hulle gepraat bereik 'n hoogtepunt teen die einde van hulle reis; dit was so erg dat die mense uit hul huise gekom het "om te kyk watter yslike klomp luidrugtige vreemdelinge daar opdaag met 'n lawaai wat nie hoort in 'n dorp waarin moord en begrafnis die geselskap is nie".

Daar is 'n voortdurende herhaling in handeling wat neerslag vind in die werkwoordstruktuur van die verhaal. Die belangrikste aksie wat uitgevoer word, is dié van gesels. Daar is heelwat werkwoordsinonieme wat afwisselend gebruik word. Die werkwoorde wat tot hierdie semantiese woordveld van gesels hoort, is sê, vertel, groet, praat, sweer en vra. Dit is die belangrikste handeling en lê die hele verhaal ten grondslag. Die invloed en uitwerking van ander handelinge word in die verloop van die bespreking behandel. Hierdie gespreksverbale vestig die vertelling as 'n dialoog.

Die sersant, Jônne Louw, is die verteller van sy eie ondervinding. Hy dra die gebeurtenis oor aan die abstrakte outeur deur wie dit aangeteken word. Die eerste paragraaf dien as inleiding tot die vertelling deur die sersant. Hierdie inleiding kan óf 'n buitestaander-berig wees deur die outeur, of inligting wat reeds deur die sersant verstrekkend word.

Die outeur lewer self geen inset van 'n eie mening, oordeel of afleiding nie. Hy is eenvoudig die instrument waardeur Jônne Louw die verhaal verwoord kan kry⁸. In hierdie geval waar die verteller deurlopend in monoloog vertel en die dialoog so voortdurend aangehaal word, spreek die sersant as verteller in sy eie woorde. Die outeur is slegs die medium tot die optekening van die gebeure.

Hierdie afleiding word gemotiveer deur onder andere die volgende SH-elemente en SH-patroonmatigheid waar die werkwoordveld van GESELS voortdurend ontgin word in die verloop van die verhaal:

⁸ Vergelyk Steenberg (1991: 32): "C. Hy (die skrywer) maak hierdie kammawêreld toeganklik vir ander mense deur die verteller se rapport oor die gebeure neer te skryf."

[5-22a]

BUITEGESPREK
monoloog

BINNEGESPREK
dialoog

En sersant Louw vertel

Hy is baie bly, sê pater Hoeflies.
..... sê hy; sê sersant Jôn timer Louw, ens.

Dis toe die pater van die koue praat,
het sersant Jôn timer Louw agterna vertel,
dat dit vir hom voel

..... vra pater Hoeflies, ens.

En sersant Jôn timer Louw vertel daar kom
toe sommer weer gevoelte in sy lyf.

En hulle gesels. En hulle gesels, ens..

..... en in die sterlig sien hy, vertel
sersant Jôn timer Louw later, hoe die pater

En sersant Jôn timer Louw sê vir die pater,
En pater Hoeflies sê, ens.

En later, so vertel sersant Louw, toe sien hy
weer die sterre in al hul helderte

..... sê pater Hoeflies
..... sê sersant Jôn timer Louw
..... stem pater Hoeflies saam, ens.

En sersant Jôn timer Louw vertel: Toe hulle

"Maar daaraan steur ek en pater Hoeflies ons
toe min", vertel sersant Jôn timer Louw.

In die heel laaste paragraaf tree die sersant as die verteller direk toe tot die buitegesprek: die eerste keer word daar nie net berig van dit wat die sersant sê/vertel nie, maar die sersant spreek die abstrakte outeur direk aan; dit word bevestig deur die gebruik van aanhalingstekens waardeur hierdie uiting tot direkte dialoog met die outeur lei. Die herhalende gang van die monoloog word sodoende op verrassende wyse verbreek aan die einde van die verhaal.

Sersant Louw vervul dus 'n dualistiese rol: dié van reisgenoot van pater Hoeflies, met wie

hy dialoog voer en dié van verteller van die verhaal waar hy 'n monoloog voer, terwyl die outeur as stilswygende luisteraar figureer.

Semantiese herhaling is kenmerkend ook van die binnegesprek. Verskeie semantiese verbande word gelê tussen die onderskeie gespreksonderwerpe. Ten eerste ontmoet die twee mans mekaar. Die kennismaking bring aan die lig dat die moord op Kenhardt die oorsaaklike en saambindende faktor in hulle reis is. Die sersant gaan die moordenaar soek, die pater gaan die vermoorde begrawe. Hierdie gru-rede vir hulle reis word nooit weer aangeroei tydens die tog nie; dit word eers weer aan die einde van die verhaal geopper, nie deur hulle as die twee sleutelfigure nie, maar deur die inwoners van Kenhardt.

Dit is baie interessant hoe die semantiese herhaling wat bereik word in die buitegesprek verskil van dié van die binnegesprek.

In die oorvertelling deur die sersant aan die outeur is die semantiese herhalingslyn duidelik sigbaar. Dit is die sersant se verteltegniek wat soveel van die semantiese herhalingslemente op die voorgrond bring en daar hou.

Die semantiese herhaling lê in 'n groot mate in die handelinge, dit wil sê in die werkwoordkorpus van die verhaal. Die handelinge trek deurgaans die meeste aandag. Vergelyk die volgende voorbeeld:

[5-22b]

En sersant Jônê Louw trek die bottel aan sy nek uit die saalsak en hy draai die prop af en hy gee die bottel vir Pater Hoeflies aan.

waar die gebruik van die deeltjiewerkwoord geskei van sy deeltjie, in die verhalende teenwoordige tyd hier 'n kontinuum in handeling bewerkstellig:

<i>uittrek</i>	>	<i>trek uit</i>
<i>afdraai</i>	>	<i>draai ... af</i>
<i>aangee</i>	>	<i>gee aan</i>

Voordat die voggies begin werk, is daar egter nie veel herhaling aanwesig in die binnegesprek nie en die gespreksgenote vul mekaar deur goed-geformuleerde sinne aan; vergelyk:

[5-22c]

Pater, ek weet nie wat Pater daarvan sal dink nie, maar ek het 'n botteltjie brandewyn teen die koue in my saalsak gesteek."
"Het jy?" vra pater Hoeflies opgewonde. "Brandewyn is net die regte ding teen hierdie koue. Maak oop; net 'n paar slukke is genoeg om 'n man weer vir 'n ruk op die perd te hou."

In hierdie en soortgelyke gevalle is daar heel sinvolle dialoog tussen die twee mans en hulle

gesprekke vul mekaar aan met onderwerpsafwisseling (hoewel die onderwerpe wat verbaal gestel word hulself tog beperk weens die allesoorheersende koue en die invloed hiervan).

Baie van dit waaroor hulle wel gesels, word nie verwoord nie - daar word slegs deurgaans gestel dat hulle baie gesels. Hierdie spesifieke werkwoord en sy gedeeltelike sinonieme, naamlik: sê, vertel, groet, praat, sweer en vra, word baie herhaal in die verloop van die verhaal.

Die skynbaar sinonieme dialoogkonstruksies sorg ook telkens vir 'n verrassing wanneer daar 'n redelik onopvallende verskil bestaan tussen die uiting van sersant Louw en die kwasi-sinonieme segging van pater Hoeflies waar laasgenoemde se woorde tog in 'n beduidende opsig semanties verskil van dié van die sersant. Dit gebeur dus veral in die skynbaar woordelikse sinsherhaling deur die pater.

In 'n hele paar gevalle is daar 'n semantiese verskil tussen die sersant se sin en die eggosin van die pater. In die volgende stukkie dialoog word die semantiese ooreenkoms wat deur die pater gelê word, duidelik:

[5-22d]

En hy sê: "Pater, dit voel my ek het al weer iets uit die bottel nodig."

Dit voel vir hom OOK hy het weer behoefte aan 'n bietjie ekstra hitte, sê pater Hoeflies.

waar hy by implikasie die volgende twee oppervlak-verskillende uitings semanties in verband bring:

NS

Sersant: ek het al weer *iets uit die bottel* nodig =

NS

Pater: 'n behoefte aan 'n *bietjie ekstra hitte*

Die tinteling in die liggaam wat beleef word as hitte, word veroorsaak deur die alkohol (die iets).

5.13.2 HERHALINGSHANDELING: DRANKGEBRUIK

Die 'ritueel van die saalsak' is een van die mikro-handelinge in die verhaal:

[5-23a]

En sersant Jôn timer Louw trek die bottel aan sy nek uit die saalsak en hy draai die prop af en hy gee die bottel vir pater Hoeflies aan.

En pater Hoeflies gee 'n sluk of twee en hy gee die bottel terug, en sersant Jôn timer Louw gee 'n sluk of drie en hy draai die prop op en steek die bottel behoedsaam in die saalsak terug.

Hierdie optrede word byna verbatim 'n tweede keer in die verhaal weergegee. Al waarin die tweede keer en elke keer daarna verskil, is die hoeveelheid slukke wat elkeen neem. Die 'ritueel van die saalsak' word só genoem omdat dit dié deel van die handeling is wat getrou gevolg word deur die hele verhaal: die bottel bereik elke keer die veiligheid van die saalsak, terwyl hy nog 'n funksie het om te vervul; van die leë bottels word heel gou ontslae geraak. Later wag die mans nie eers meer vir die koue om toe te slaan nie. Hier vind nou 'n wysiging plaas in logiese optrede van 'wag vir die koue en drink dan'. Hulle spring die koue voor:

[5-23b]

<i>En die pater sê hulle moet die hittetjie beskerm</i>	}	gevolg oorsaak
<i>wat hulle het en hy trek die bottel uit //</i>		
<i>voor die koue nog sy krag kan wys.</i>		

In die proses om die koue hok te slaan, neem die hoeveelheid drank per drinkbeurt algaande toe; ook hier word gebruik gemaak van semantiese herhaling met 'n sluk of:

[5-23c]

<u>drinkbeurt</u>	<u>hoeveelheid</u>	
1	'n sluk of twee	pater
	'n sluk of drie	sersant
2	'n sluk of drie	pater
	'n sluk of vier	sersant
3	'n sluk of vyf, ses	pater
	'n sluk of ses, sewe	sersant
4	x aantal slukke	pater
	y aantal slukke	sersant

Daar is 'n fyn berekende spel aanwesig in die orde van die uithaal en aangee van die bottel wat aan die sersant behoort het. Hy gee erkenning aan die pater en laat hom elke keer eerste drink. Dit is nie net goeie maniere en respek wat die sersant sy bottel laat aangee nie. Deurdat die pater eerste drink, kan die sersant die hoeveelheid slukke monitor; elke keer kry die sersant so 'n ekstra sluk in. Vir die sersant is die handeling 'n kringloop van uithaal, aangee, tel, terugvat, drink, terugsit. Dit is 'n patroon van gebeure wat in die herhaling van die uitdrukkings gedra word.

Toe die pater se bottel aan die beurt kom, het die sersant nie meer hierdie soort beheer oor die inhoud nie. Dit blyk ook nie uit die verhaal of die pater nou op sy beurt dieselfde 'hoflikheid' betoon en die bottel eerste vir die sersant gee nie. Op hierdie stadium gee die twee manne ook nie meer om hoeveel wie drink nie - hulle drink net.

Uit hoofde van die pater se beroep en die sersant se kennis van belangrike dele geskiedenis uit die Bybel, het hulle 'n gemeenskaplike gespreksterrein waarop ook vergelykings getref kan word:

- (1) Die pad tussen Jerusalem en Gasa word vergelyk met die pad tussen Keimoes en Kenhardt.

- (2) Die hemelruim en die Bethlehemster tydens Jesus se geboorte word vergelyk met die teenswoordige sterrestand en hemelruim.
- (3) Die walle water van die Rooi See toe die Israeliete daar deur is, word vergelyk met die koue wat weggedruk word deur die gesellige warmte wat op die pad heers.

5.13.3 HERHALINGSHANDELING VERTROEBEL: DRANKGEBRUIK BEÏNVLOED GESPREK

Die invloed wat die drank op die gang van die dialoog as binnegesprek gehad het, is baie hoorbaar uit die soort herhalingspatrone wat voorkom. Sinskreatiwiteit bly al hoe meer in die slag namate die brandewyn 'n al hoe nadeliger uitwerking het op die mans se verstandvermoë. Hulle verval later in 'n soort eggolalie. Die oorspronklikheid van segging bly agterweë, hoewel die toename in volume van niksseggendheid mond oor mond toeneem. Die drank maak hulle albei baie spraaksaam, vrolik en eensgesind:

[5-24a]

*En hulle bly vind mekaar wonderlik met als waaroor
hulle gesels, vertel sersant Jônie Louw.*

Hierdie uiting is ironies bedoel: die woord vind behels dat die een die ander eggo. Die gesprek het vroeër sin na sin gesentreer om die koue en hoe dit teengewerk kan word. Nadat die eerste bottel leeggemaak is, verskuif die gesprek na die wondermooiheid van die nag. Die sersant inisieer die gesprek en die pater eggo elke uiting. Telkens word die eendersheid van gedagte en uiting bevestig deur gebruik te maak van ook en net so. In Afrikaans het elemente soos onder andere ook so en net so 'n vervangingsfunksie. In hierdie vertelling lui die twee reisigers die vervanging egter telkens in deur die elemente te gebruik, maar daarna wel die sintuk wat deur net so/ook so vervang moes word, te herhaal.

Hierdie merkers, naamlik net so en ook so funksioneer as anafore met die uiting van die vorige spreker as antesedent. Met die sintaktiese herstrukturering gaan daar egter belangrike tematiese en fokusaspekstruktureringe gepaard. Semanties is hier sprake van herhaling maar indien daar na die struktureel sintaktiese inkleding gekyk word, is daar belangrike verskille in tematiese, fokus- en/of nadrukstruktuur van die inhoud. Alhoewel dus oënskynlik semanties identiek, herhalend en redundant, is die SH-konstruksies wel informatief vir sover hulle verskille in interpretasie by die twee sprekers blootlê. Dit lyk asof daar met die gebruik van die anaforiese ook so/net so die volle herhaling van die antesedent onekonomies/redundant is, terwyl dit juis hulle eenheid van 'denke en gees' vergestalt.

Daar vind toe 'n algemene bespreking "oor die sterre met die sterte" plaas. Hierna neem die pater weer die leiding met die sersant wat eggo. Die volgende twee sinne lyk na byna volkome semantiese herhaling, want die leser word op sinonieme voorberei deur die pater wat ook gebruik:

[5-24b]

*En toe sê sersant Louw dit lyk vir hom die sterre
se sterte krimp en die koue word groter.*

teenoor

[5-24c]

*En pater Hoeflies sê dit lyk vir hom ook of die sterre
se sterte krimp met die groter-word van die koue.*

Die pater stem volmondig saam en gebruik ter bevestiging die element ook; daar is egter 'n belangrike semantiese verskil aanwesig tussen die slotgedeelte van die sin wat hý gebruik en dié wat die sersant gebruik. Vergelyk die volgende uiteensetting:

<u>Sersant:</u>	Sin 1	<i>die sterre se sterte krimp</i>
en	Sin 2	<i>die koue word groter</i>

In hierdie geval is daar twee ontleedbare sinne, naamlik die neweskikkingskonstruksie teenoor 'n enkelvoudige sin met 'n bywoordelike bepaling. Hulle word gekombineer met die neweskikkende voegwoord en. Daar bestaan nie 'n semantiese verband tussen sin 1 en sin 2 nie en hulle tree onafhanklik van mekaar op.

Hierteenoor toon die sintaktiese samestelling van die pater se sin 'n ingewikkelder patroon, in dié sin dat dit dubbelsinnig interpreteerbaar is as bywoordelike bepaling van tyd/oorsaak:

Die sterre se sterte krimp met die groter-word van die koue.

Die voorsetselgroep vorm 'n hegte eenheid met die werkwoord binne die WS. Hierdeur word 'n sintakties semantiese verbondenheid bewerkstellig van oorsaak en gevolg/temporele plasing. Indien die sinstuk omgestel word, blyk dit duidelik:

Die groter-word van die koue laat krimp die sterre se sterte.

Die volgende sinstuk verskil sowel semanties as struktureel:

<u>Sersant:</u>	<i>die koue word groter</i>	(sin)
<u>Pater:</u>	<i>die groter-word van die koue</i>	(nominaal)

In die eerste konstruksie (dié van die sersant) word die normale sinsvolgorde toegepas van NS + WS (wkop + adjektief, vergrotend). Die volledige tweede konstruksie (dié van die pater) is 'n nominaal. Die sinstuk koppelww. + adjektief, vergrotend, word genominaliseer en voor geplaas as die groter-word en binnegetrek as hoofelement van die NS, wat kombineer met die genitiefkonstruksie: van die koue. Die keuse van die nominaal lei tot 'n fokusverskil.

Die tweede keer wat hierdie subtile semanties strukturele verskil in die dialoog voorkom, is dit weer die pater wat semanties herhalend eggo, maar weer eens nie volkome sinonimies nie; vergelyk:

[5-24d]

"Pater, Pater," sê sersant Jônê Louw "ons ry dieselfde pad oor dieselfde moord en ons dink presies eners oor ons verwaarlosing in die koue"

teenoor

[5-24e]

"Ons dink presies eners oor ons verwaarlosing in die koue weens 'n ander man se moord," stem pater Hoeflies saam.

Die pater stem saam en bevestig hiermee sy vereenselwiging met die bewering van die sersant; in hierdie tweede geval is die semantiese verskil egter nog groter as in sy vorige konstruksie.

Vergelyk die volgende uiteensetting:

[5-24f]

Sersant: Sin 1 *ons ry dieselfde pad oor dieselfde moord*
 en Sin 2 *ons dink presies eners oor ons verwaarlosing in die koue*

Pater: *Ons dink presies eners oor ons verwaarlosing in die koue*
weens *'n ander man se moord*

Die semantiese herhaling wat die pater nou deurvoer, bevat belangrike wysigings ten opsigte van dit wat die sersant sê. Hy skrap byna die hele sin 1 van die sersant, dra die voorsetselstuk oor die moord oor na sy eie konstruksie, verander die voorsetselstuk in belangrike opsigte en lyf dit in by sy sin:

<u>Sersant</u>		<u>Pater</u>
<i>oor dieselfde moord</i>	>	<i>weens 'n ander man se moord</i>
"aangaande betreffende"		"om rede van uit oorsaak van"

Daar is ook 'n betekenisverandering na die volgende konstruksiewysiging:

dieselfde moord > *'n ander man se moord*

Die sersant wys op die saambindende faktor, naamlik dieselfde moord wat veroorsaak dat hulle reisgenote word; die pater bring egter afstand te weeg deur te verwys na 'n ander man (se moord). Soos in die vorige voorbeeld, formuleer die pater ook in hierdie geval 'n genitiefkonstruksie (se moord); hy distansieer hom van die gebeure op Kenhardt, en gaan baie subtiel (bewustelik of onbewustelik) te werk in sy verwysing deurdat hy dubbelsinnig konstrueer. Die vraag ontstaan: Verwys hy nou na die vermoorde of die moordenaar?

Met die oënskynlike semantiese herhaling (eggo) van die uitdrukkings is daar tog sintakties strukturele verskille tussen die uitings met behulp waarvan fokusverandering bewerkstellig word.

Vergelyk:

- 'n ander man se moord* >
 (a) 'n ander man wat moord gepleeg het
 (b) 'n ander man wat vermoor is

Die pater koppel hul verwaarlosing in die koue direk aan die moord as oorsaak vir hul ontbering. Daar kan ook 'n verwyte opgesluit lê in die uiting. Daar is telkens 'n baie belangrike verskil tussen die neutrale stelling van die sersant en die affektiwiteit ⁹ wat opgesluit lê in die sinkonstruksie van die pater.

In die derde en laaste soortgelyke geval is dit weer eens die pater wat in sy herhaling van die sersant se woorde 'n semantiese variasie bewerkstellig deur enkele wysigings in sy sinkonstruksie aan te bring; vergelyk:

[5-24g]

*En sersant Jônne Louw sê vir pater Hoeflies hy
 s-sweer die s-sterre h-het ook r-ryp oor gekry,
 want h-hulle iss v-vaal.*

teenoor

[5-24h]

*En pater Hoeflies sê ass s-sweer hom geoorloof wass,
 s-sou h-hy ook s-sweer dit het onner-stebo geryp,
 want die s-sterre iss assv-vaal.*

Die pater stem 'ook' hier volmondig saam, maar in sy eggo is daar weer eens belangrike semantiese en strukturele verskille; hoe meer hy benewel en gevolglik beïnvloed word deur die alkohol, hoe groter raak die afwyking in sy interpretasie en oordrag van dit wat hy hoor. Hy voel dalk dat hy die sersant woordeliks aanhaal, maar uit die volgende ontleding blyk die teendeel:

[5-24i]

Sersant: *die sterre het ook ryp oor gekry,*
Pater: *dit het onderstebo geryp,*


Sersant: *want hulle is vaal.*
Pater: *want die sterre is asvaal.*

⁹ Vergelyk Ponelis (1979: 298) en Van Jaarsveld (1987: 173) ten opsigte van die beskrywing van die begrip affek.

Vergelyk die volgende boomdiagramme:

[5-24j]


Sersant



Die NS die sterre as antesedent kombineer met die anafoor hulle in die bysin. Die sersant skep sy eie deeltjiewerkwoord oorkry, omdat daar 'n hulle-weglating binne die aanvanklike voorsetselgroep (naamlik dit ryp oor hulle) was en die voorsetsel gevolglik kombineer met die hoofwerkwoord kry.

[5-24k]

Pater



Dat dit onderstebo geryp het, blyk vir die pater daaruit dat die sterre asvaal is. Die intensief van vaal, naamlik asvaal word gebruik. Die pater se sig is dalk nog swakker as die sersant s'n en daarom lyk dit vir hom nóg valer as vir die sersant.

Met hierdie strukturele en semantiese verskille word 'n belangrike fokus-/perspektiefverskil uitgedruk. Die twee mans het skynbaar 'n verskillende beskouing van die stand van die sterre in die hemelruim. Vir die sersant is hulle op daardie stadium so naby aan die aarde en so vlak bokant die horison dat die ryp wat uit die lug op die aarde 'val' hulle ook kon bykom en vaal kon laat lyk. Die pater keer die hele ligging van sake om; volgens sy bewering kan daar afgelei word dat die ryp van die aarde af in die lug opbeweeg het. Die glans van die sterre word verdof deur die ryp wat tussen die pater en die hemel hang - asof die ryp die sterre wel kon bereik en kon verdof. Hier word dus weer 'n soort ironiese teenstelling gevind wat uitdrukking gee aan die pater se 'aardse perspektief' en die sersant se 'hemelse perspektief'.

5.13.4 HERHALINGSHANDELING VERTROEBEL: DRANKGEBRUIK BEÏNVLOED UITSPRAAK

Semanties fonologiese herhaling is ook 'n interessante aspek van hierdie verhaal en speel 'n belangrike rol. Dit raak veral opvallend wanneer die twee reisigers se spraak hoorbaar aangetas word deur die brandewyn. Hulle praat sleeptong en huiwer aanvanklik elke keer met die uitspraak van die *s*. Hulle tonge wat reeds dik en lam voel in die mondholte, bly agter wanneer die res van die klanke ná die aanvangs-*s* gevorm moet word. Later verleng die tydsduur wanneer die *s* uitspreek moet word en nog later word die meeste medeklinkers aangetas. Vergelyk die volgende uiteensetting:

[5-25a]

Fase	Voorbeeldwoorde		
1	<i>s-terre</i>	<i>s-e</i>	<i>s-terte</i>
2	<i>s-sterre</i>	<i>s-se</i>	<i>s-sterste</i>
3	<i>s-sterre</i>	<i>iss</i>	<i>wass</i>
	<i>j-jou</i>		
	<i>n-nutteloos-se</i>		
	<i>k-krruik</i>		
	<i>r-ryp, oorr</i>		
	<i>h-het, h-hulle</i>		
	<i>d-die</i>		
	<i>v-vaal</i>		

Die uitspraak van die frikatief word in fase 1 ortografies voorgestel met een aanvangs-*s* wat verwyder is (dus verleng) van die res van die woord. Die uitspraak van die frikatief word in fase 2 ortografies voorgestel met twee aanvangs-*s*'e. Die uitspraak van die frikatief en die ander konsonante word in fase 3 ortografies voorgestel met twee identieke aanvangsklanke.

Die volgende uiteensetting dui op die soort medeklinkers wat betrokke is:

[5-25b]

Fase	Konsonante			
	frikatief	eksplosief	nasaal	triller
1	<i>s</i>			
2	<i>s</i>			
3	<i>s</i>	<i>k</i>	<i>n</i>	<i>r</i>
	<i>j</i>	<i>d</i>		
	<i>h</i>			
	<i>v</i>			

'n Besondere fyn toespeling op die taalgebruik (hoewel geaffekteerd) van die pater, is sy woorde toe hy in kanseltaal die lê tweede brandewynbottel formeel aanspreek met die weggooislag: "Lê daar, j-jou n-nutteloos-se k-krriuik".

5.14 BINDING

Dit is baie interessant dat daar 'n doelmatige negering is van ekonomiese beginsels in hierdie verhaal. **Anaforiek** word ten volle ontgin; anaforiese herhalingsselemente kom maksimaal dwarsdeur die verhaal voor. Die belangrike meganismes waarmee ekonomiese bewerkstelliging word, naamlik **vervanging** en **ellips**, word omseil. Hierdeur word die spontaneïteit en gemaklike gang van die vertelling as spreektaal-verlengstuk behou in die skriftelike oordrag van die gebeure. Hiermee saam word dieselfde neweskikkingspatroon deurgaans gehandhaaf. Al hierdie fasette dra by tot die hegte binding en samehang van die verhaal.

5.14.1 ANAFORIEK

Hegte binding word verkry deur die voortdurende verband wat behou word tussen antesedente en hulle anafore. Die name van die twee karakters in die vertelling kom as variërende antesedente voor. In die kort bestek van net meer as ses bladsye is die volgende frekwensie van variante aangeteken:

[5-26a]

Persoonsnaam	Frekwensie
<i>Sersant Jôn timer Louw</i>	26
<i>sersant Louw</i>	10
<i>Jôn timer Louw</i>	3
<i>Sersant</i>	1
<i>Jôn timer</i>	1
<i>Pater Hoeflies</i>	27
<i>Pater</i>	6
<i>die pater</i>	11
<i>Pappie</i>	1

Die anafore wat saam met hierdie antesedente gebruik word, val in twee groepe wat op grond van 'n belangrike verhaalelement onderskei word:

- (1) Die volgende voornaamwoorde vorm die een groep anafore in die verhaal, naamlik:

[5-26b]

Enkelvoud		Meervoud
1ste pers.	2de pers.	1ste pers.
<i>ek</i>	<i>jy</i>	<i>ons</i>
<i>my</i>	<i>jou</i>	<i>ons</i>
<i>myne</i>	<i>joune</i>	
	<i>jouself</i>	<i>mekaar</i>

Hierdie voornaamwoorde is egosentries van aard in dié sin dat die egosentrisiteit van die ek uitgebrei word tot en karakter 2 jy insluit en verder saamvoeg tot ons. Semantiese nabyheid en gemeenskaplikheid word deur die gebruik van sodanige voornaamwoorde bewerkstellig. Hierdie voornaamwoorde word gebruik in die binnegesprek tydens dialoog tussen die sersant en die pater, dit wil sê tydens die verhaal binne die verhaal ¹⁰.

Die volgende groep voornaamwoorde vorm die ander kategorie anafore in die vertelling:

[5-26c]

Enkelvoud	Meervoud
3de pers.	3de pers.
<i>hy</i>	<i>hulle</i>
<i>sy</i>	<i>mekaar</i>
<i>syne</i>	
<i>hom/homself</i>	

Hierdie voornaamwoorde word gebruik in die oordrag deur die sersant na die outeur, dit wil sê in die buitengesprek.

Die bekende patroon van voortdurende herhaling en verwisseling tussen monoloog en dialoog word op verrassende wyse verbreek teen die einde van die vertelling waar die sersant die outeur die eerste keer direk aanspreek:

[5-26d]

*"maar daaraan steur ek en pater Hoeflies ons toe min,"
vertel sersant Jônle Louw, "want ons is toe so eie met
mekaar - hy sê vir my 'Jônle' en ek sê vir hom 'Pappie'." ¹¹*

¹⁰ Vergelyk Brown en Yule (1986: 48): "Within the co-text, a further context may be constructed which has its own index of co-ordinates."

¹¹ Vergelyk Prinsloo (1986: 21-31). Die *god* vervul sy rol in hierdie vertelling met unieke sukses: die leser word absoluut verras deur die onverwagse wending in aanspreekstrategie in die slotsin.

Vergelyk die volgende soorte anaforiekaanwending deur die sersant:

[5-26e]

Res van die verhaal		Eindparagraaf	
<i>hy (sersant)</i>	>	<i>ek</i>	} > <i>ons</i>
<i>pater Hoeflies</i>	>	<i>pater Hoeflies</i>	
<i>hy</i>		<i>ek</i>	} > <i>ons</i>
<i>pater Hoeflies</i> > <i>hulle</i>	>	<i>pater Hoeflies</i>	
<i>hulle (mekaar)</i>	>	<i>ons (mekaar)</i>	
<i>hy</i>	=	<i>hy</i>	
<i>O</i>	>	<i>Jônie</i>	
<i>sersant Louw/Hy</i>	>	<i>ek</i>	
<i>pater Hoeflies</i>	>	<i>Pappie</i>	
en			
<i>hy + pater = hulle</i>	>	<i>ek + pater/hy/hom</i>	= <i>ons</i>

Die aanwesigheid van die egosentriese ek beïnvloed en bepaal die gebruik van die meervoudsvoornaamwoord ons.

Aan die einde van die verhaal kom 'n derde party na vore, naamlik die inwoners van Kenhardt; hulle word beskryf as:

[5-26f]

die mense

en staan teenoor

'n yslike luidrugtige klomp vreemdelinge

wat in der waarheid verwys na slegs twee persone, naamlik sersant Louw en pater Hoeflies. Daar word 'n semantiese afstand geskep tussen die inwoners van die dorp en die reisigers deur die benoeming van hierdie twee as 'n luidrugtige [+negatief] en 'n yslike klomp vreemdelinge waar yslik slaan op klomp.

Vir die leser is die karakters lank reeds geïdentifiseer en dus nie vreemdelinge nie; vir die inwoners wat wel 'n sersant en 'n pater verwag, is hierdie lawaai heel verwarrend en dit bots met hul verwagting: twee mense behoort te arriveer, maar 'n klomp word gehoor. Die toesegging van die telwoord klomp aan slegs twee persone beklemtoon die luidrugtigheid van hul aankoms. In die gebruik van die betrokke s.nw. vreemdelinge lê 'n semanties negatiewe kleur en dit bewerk afstand:

inwoner [+bekend] : *vreemdeling* [-bekend]

Die SH-anaforiekgebruik geld ook die ander onderwerpe van handeling, onder andere die ritueel van die saalsak en die bespreking van die sterre en hul sterte. Deurdat hierdie

strategie so ten volle benut word, word semantiese herhaling ook voortdurend gebruik om die verhaalstruktuur uiters heg te bind. Vergelyk ook hier die herhaaldelike gebruik van die voornaamwoord:

[5-26g]

*(En) hulle sit voet in die stiebeuel (en) hulle gryp die
pad (en) hulle gesels*

wat ontleed word as:

(1) neweskikker	(2) vnw.	(3) Ww.	(4) Bepaling
<i>En</i>	<i>hulle</i>	<i>sit</i>	<i>voet in die stiebeuel</i>
<i>en</i>	<i>hulle</i>	<i>gryp</i>	<i>die pad</i>
<i>en</i>	<i>hulle</i>	<i>gesels</i>	

waar sowel die neweskikkingselement (1) as die anafoorrits (2) deurgaans en dus by herhaling gebruik word.

5.14.2 UITSKAKELING VAN VERVANGING/IDENTIEKESTUK-SKRAPPING

Die volgende uittreksel is verteenwoordigend van baie soortgelyke voorbeelde waar identiekestuk-herhaling voorkom in plaas van identiekestuk-skrapping:

[5-26h]

- | | |
|--|--|
| 1) En hulle sit voet in die stiebeuel en hulle gryp die pad en hulle gesels. | <u>Onderwerp 1</u>
Sin 2 |
| 2) En sersant Jônne Louw sê vir die pater die nag is vir hom so wonderlik mooi. | herhaal
Sin 1 |
| 3) En die pater sê die nag is vir hom net so wonderlik mooi. | Sin 4
herhaal Sin 3 |
| 4) En sersant Louw sê dit lyk vir hom elke ster het 'n stert. | |
| 5) En pater Hoeflies sê dit lyk vir hom ook elke ster het 'n stert. | <u>Onderwerp 2</u>
Sin 6 |
| 6) En hulle gesels oor die sterre met die sterte. | herhaal
Sin 5 |
| 7) En die pater sê hy dink net die ster van Betlehem was 'n groter ster met 'n groter stert. | Sin 8 herhaal Sin 7 |
| 8) En sersant Jônne Louw sê hy dink ook die ster van Betlehem was 'n groter ster met 'n groter stert. | gedeeltelik; die tweede gedeelte van die sinne verskil |
| 9) En toe sê sersant Louw dit lyk vir hom die sterre se sterte krimp en die koue word groter. | |
| 10) En pater Hoeflies sê dit lyk vir hom ook of die sterre se sterte krimp met die groter-word van die koue. | |

Indien sinsherhaling uitgeskakel wou word, sal Sin 2 in die uittreksel telkens gereduseer kon word tot enkele woorde; vergelyk:

[5-26i]

En sersant Louw sê dit lyk vir hom elke ster het 'n stert.

En pater Hoeflies sê dit lyk vir hom OOK elke ster het 'n stert.

waar laasgenoemde gereduseer kan word tot:

En pater Hoeflies sê dieselfde/ook so/dit lyk vir hom ook so.

Die herhalingspatroon vloei so harmonies ineen met die ritmiese gang van die verhaal dat die enkele struktuurwysigings (vergelyk die betrokke voorbeelde) juis daarom verras en baie sterker opval.

Soos reeds beweer: omdat die toepassing van die ekonomiebeginsels bots met die spontane vloei en aard van die mono- en dialoog wat verteenwoordigend is van (die) spreektaal in die verhaal, word hierdie beginsels, (naamlik dié van skrapping en ellips) baie aan bande gelê.

Vergelyk die volgende as voorbeeld van 'n spontane geselstrant waaruit dit duidelik blyk dat herhaling as stylpatroon 'n baie belangrike rol speel; dit vind uiting veral op woord- en sinsvlak waar die anafore herhaal word:

[5-26j]

En hy hou stil **en** hy klim van die perd af **en** rek
so bietjie **en** haal die bottel uit die slaapsak.

Vergelyk die volgende alternatiewe en die stilisties semantiese verskille wat hiermee gepaard gaan:

[5-26k]

En hy hou stil en hy en hy (met **en** en sonder skrapping)

En hy hou stil, klim van die perd af, (met skrapping)

Hy hou stil. Hy klim van die perd af. Hy (sonder **en**)

Die vergelyking wat getref word tussen die sin soos wat dit voorkom in die verhaal aan die een kant en voorgaande alternatiewe aan die ander kant, toon duidelik aan hoe 'vol' die SH-sin daar uitsien ter wille van die behoud van spontane oordrag, teenoor die ekonomiegerigte alternatief soos die volgende waar leestekengebruik ook 'n besliste invloed het op sinsritme en toonhoogte:

[5-26l]

*Hy hou stil, klim van die perd af,
rek so 'n bietjie, en haal die bottel uit die slaapsak.*

Voor die komma is daar 'n styging in toonhoogte, gevolg deur 'n pouse; aan die einde van die sin is daar 'n daling in toonhoogte.

5.14.3 NEWESKIKKING

Neweskikking speel 'n baie belangrike rol as bindmiddel in hierdie vertelling. Dit is kenmerkend van hierdie verhaal dat neweskikkende konstruksies met en verkies word bo jukstaposisionele neweskikking (neweskikking sonder neweskikkers).


Die rol van die neweskikker en is van groot belang. Die en wat die gelykwaardige konjunkte verbind, is 'n volwaardige stuk van die konstruksie wat semanties op dieselfde vlak staan as die konjunkte. Op sintaktiese vlak, is daar 'n nouer verband tussen die neweskikker en die konjunkte wat op hom volg: vergelyk die volgende voorstellings:

[5-27a]

**En hy luister en hy hoor dat dit ook 'n pêrruiter is*

teenoor

[5-27b]



met die struktuur (x (en y)); en plus y tree as 'n groep op, maar nie x plus en nie. Daar is nie gevalle van enige ander soort neweskikking buiten dié op sinsvlak nie. Die en kom oor die algemeen voor in sinsaanvangsposisie; en selfs waar dit in 'n sin voorkom, lui dit Sin 2, Sin 3, ens. in.

Die sinsritme word beïnvloed deur die tussenkoms van die leestekens, in hierdie geval die komma. Vergelyk die volgende waar sowel die komma as die neweskikker en gebruik word:

[5-27c]

En hy luister, en hy hoor dat dit ook 'n pêrruiter is.

Die belangrikste funksie van die neweskikker in hierdie verhaal is om ritme en eenheid te bewerk en te behou.

Die volgende aanhaling is ook interessant ten opsigte van die gebruik van die voegwoorde as neweskikkingselemente:

[5-27d]

Sin 1	En hulle gesels	stelling	} gevolg
Sin 2	En hulle gesels	stelling beklemtoon	
Sin 3	Want dis of die winter 'n tree agteruit gee.		} oorsaak

Die eerste twee sinne is struktureel identiek hoewel daar semanties 'n verskil bestaan: In sin 2 word die werkwoord beklemtoon en derhalwe geïntensiveer. Dan word die herhalingspatroon verbreek deur sin 3 wat begin met die voegwoord want en wat dui op die oorsaak van sin 1 en sin 2. Hierdie oorsaak wat die gevolg logies vooruit behoort te gaan, kom as 'n verrassing vir die leser. Die gewone sinsvolgorde wat ten nouste aansluit by die voorgaande 'ritueel van die saalsak', behoort soos volg te lees:

[5-27e]

Handeling 1	ritueel van die saalsak: <i>om te drink</i>
Handeling 2	WANT dis of die winter 'n tree agteruit gee (vanweë die verwarmende uitwerking van die drank op die reisigers)

DAAROM:

Handeling 3 *En hulle gesels*
 En hulle gesels
 (omdat die koue nou minder fel gevoel word)

Deur die verwagte argumentasie-volgorde te verbreek, word ook die voorspelbaarheid van die gebeure verbreek deur die opheffing van die semantiese herhaling; hierdeur word die leser se aandag weer eens getrek.

5.15 SAMEVATTING

Semantiese herhaling is baie gestruktureerd en bepland toegepas in die onderhawige vertelling. Die wydlopende SH-strategieë sluit die volgende belangrike herhalingsaspekte as verhaalelemente in: tema-uitbreiding, handelingsintensivering, aanspreek-/registerwysiging en naamgewingsvariasie.

Deurdat die outeur deurgaans op die agtergrond bly, kry die sersant as hoofkarakter die geleentheid om die hele episode te vertel/verwoord. Die vertelling is 'n weerspieëling van die kenmerkende trant van spreektaal. Semantiese herhaling speel 'n baie belangrike rol in hierdie verhaal.

Deur semantiese herhaling op so 'n deurlopende en gestruktureerde wyse in die vertelling te verweef, slaag die outeur uitmuntend daarin om **teksbinding** en **-samehang** te bereik. Die herhaling van identieke woorde, aanspreekvorme en ander gespreksfasette soos in die ontleding uiteengesit, lei tot ritme en harmonie in die aanbieding. Die leser word gewoon gemaak aan 'n bepaalde **patroonmatigheid**; hierdie patroon word egter van tyd tot tyd verbreek deurdat afgewyk word van die verwagte sinonimie, fonologiese identiekheid, ens. Hierdie subtiele semantiese afwykings/wysigings kom in die vertelling voor as verrassingskonstruksies.

Uit hierdie teksontleding was die noue interaksie tussen **informatiwiteit** en semantiese herhaling, en die belangrike variasie in inligtingstruktuur (nadruk, fokus en perspektief) wat met behulp van die sintaktiesestruktuur-inkleding van identieke proposisies bereik word, baie duidelik.

Een van die probleme van die tradisionele benadering tot SH-verskynsels is dat dit tot enkele leksikale items of sinstukke beperk is en aanvaarbaarheid en die funksionaliteit al dan nie as 'n kontekstuele veranderlike aangegee word. Die ontleding van SH-elemente in 'n omvattende (en goed gestruktureerde) diskoers toon egter die kompleksiteit van die interaksie tussen semantiese herhaling en informatiwiteit, tussen herhaling en binding, tussen herhaling en tematiese strukturering.

Die algemene stelling word gemaak dat semantiese herhaling aanvaarbaar is as dit funksioneel is, en dit is veral funksioneel wanneer **nadruk** en **intensivering** beoog word. Hierdie analise van 'n **Poort deur die koue** toon juis die kompleksiteit van funksionaliteit en aanvaarbaarheid.